# Hoofstuk 4
# 'n Oorsigtelike studie vanuit teologiese werke rondom die oproep tot verandering

## 4.1 Inleiding

Wat die wekroep tot voortdurende verandering betref, kom die Kerk en sy gemeentes telkemale voor dié keuse te staan: Gaan ons "verkramp", "verlig" of "versigtig" wees? (Van der Walt, B.J., 1986: 1). Van der Walt gebruik voorts die beeld van 'n sterk stroom om dié terme te illustreer, waar hulle elkeen allegories van 'n spesifieke "mind set" of ingesteldheid is. Gekonfronteer met 'n sterk stroom kan 'n mens besluit om liewer op die oewer te bly staan. So nie, kan jy die kans waag en inspring, net om miskien stroom-af meegesleur en iewers langs die kant uitgespoeg te word. 'n Derde opsie sou wees om tóg die stroom te trotseer en met al jou krag na die oorkant te swem. Hierdie laaste opsie beteken egter dat 'n mens, die moeite ten spyt, danksy jou ervaring 'n waardevolle bydrae aan die oorkant sou kon lewer en waarde sou kon toevoeg, wat van laasgenoemde die beste (en uitgeknipte) opsie sou maak vir enigiemand wat hom-/haarself voorgeneem het om nóg 'n walstaner te wees nóg tussen die opdrifsels te leef, maar altyd en in alle omstandighede 'n oop gemoed en 'n ondersoekende gees te behou.

Daar is egter in hoofstuk 2 aangedui dat verandering áltyd Bybels verantwoordbaar moet wees. Gelowiges moet dus immer bereid wees om, getrou aan Bybelse riglyne, aan hul verhoudings met mense en hul gemeenskap te bly skaaf (Achtemeier, 1985: 195). Hierbenewens het dit duidelik geword dat verandering 'n deurlopende proses is en bly (vergelyk 2.3.2). Of, soos die Griekse wysgeer Herakleitos (aangehaal deur Jordaan, 2007: 1) dit so raak opgesom het: daar is net één saak wat nooit verander nie, en dit is dat álles áltyd verander! En hoewel hierdie stuk wysheid vir álles sublunaries geld, is dit egter, soos elke Christen maar al te goed weet, net 'n halwe waarheid as God in Sy almag óók in berekening gebring word, aangesien die ánder konstante God sélf is (Sy Wil, Werk, Waarheid, Woord en Wet ingesluit) (vergelyk Maleagi 3:6, wat

lui: "Ek, die Here, het nie verander nie,..." en ook Hebreërs 1:10-13, waar geskryf staan: "...Maar U, U bly dieselfde...").

In hoofstuk 6 gaan daar vanuit die Menslikehulpbronne-vakgebied aangedui word dat ekstrinsieke verandering noodsaaklik is, maar dat weerstand téén sodanige verandering nie van die veranderingsproses uitgesluit is nie.

Hierdie noodsaak vir en weerstand teen ekstrinsieke verandering (daarmee saam is intrinsieke sekerlik ook bedoel – PF) is ook in hoofstuk 2 en 3 onderskeidelik aangespreek (vergelyk onder meer 2.3.2 en 3.4). Weerstand teen ekstrinsieke verandering mag verandering wat Bybels begrond is, egter nie teëhou nie. 'n Vlugtige besigtiging van die veranderingsproses soos dit in die vakgebied Menslike Hulpbronne manifesteer, het ook in hoofstuk 6 van die onderhawige studie aan die lig gebring dat verskillende stappe in die proses van ekstrinsieke verandering verdiskonteer moet word juis om mense te help om verandering reg te verstaan en hanteer. Maar, al sou dit hóé gerieflik wees om alle veranderingsprosesse bloot tot 'n paar stappe te kon reduseer, moet daar in dieselfde asem beklemtoon word dat iets soos 'n vaste stel "*one size fits all*"-reëls vir elke en enige organisasie se veranderingsprosesse eenvoudig nie bestaan nie, en nog minder voorgeskryf kan word. Wat wél duidelik geblyk het, is dat verandering in geheel gesien 'n uiters dinamiese proses veronderstel, wat met groot omsigtigheid aangepak en bestuur moet word.

In hierdie hoofstuk gaan verskillende teologiese werke bestudeer word ten einde vas te stel hoe en in welke mate verandering (in hoofsaak ekstrinsiek, maar dan ook intrinsiek en dit sal duidelik aangetoon word welke ter sprake is – PF) aangespreek is; met ander woorde, hoe en of die sterk stroom, by wyse van spreke, oorgesteek is. Daar sal ook ondersoek ingestel word na watter aanbevelings, indien enige, in dié verband oor die veranderingsproses gemaak kan word, en watter kernaspekte uitgelig kan word wanneer gemeentebou as instrument gebruik word om lidmate op ekstrinsieke

verandering voor te berei en daarvoor toe te rus. Hierbenewens sal daar gepoog word om te bepaal in welke mate oproepe tot ekstrinsieke verandering verder bestuur is en, indien wel, watter waarde daaruit geput is.

Die ondersoek sal vir dié doel 'n net oor die Teologiese vakgebied gooi vir enige aanduiding van prosesse wat moontlik reeds getoets of aangepak is om ekstrinsieke verandering te bestuur of dan net vlotter te laat verloop. Die hoofdoel met laasgenoemde ondersoek is om uiteindelik riglyne aan te gee waarvolgens gemeentebou as instrument benut kan word om lidmate vir ekstrinsieke verandering toe te rus, met die grootste beweegrede hiervoor die groot nood en selfs pyn wat by mense ontstaan en ervaar word wat sonder waarskuwing of voorbereiding aan ingrypende ekstrinsieke veranderinge onderwerp word (vergelyk 3.5).

In hierdie hoofstuk gaan die fokus eerstens val op die oproep tot omsigtigheid wanneer dit kom by ekstrinsieke verandering in die Kerk van die Here en in sy gemeentes. Hierná sal ondersoek gedoen word na die noodsaak tot ekstrinsieke verandering wat daar in die Kerk van die Here mag bestaan, terwyl daar laastens ondersoek ingestel sal word na moontlike programme wat met die oog op ekstrinsieke verandering in die Kerk en die bestuur van dié proses aangebied kan word.

Voor die belangrike saak aangepak word, is dit nodig om op iets te fokus wat Roxburgh en Romanak (2006: 7) uitlig. Hulle maak onderskeid tussen "*continuous change*" en "*discontinuous change*." Eersgenoemde ekstrinsieke verandering groei uit dit wat vooraf gebeur het en kan verwag, geantisipeer en bestuur word. Dit sluit aspekte in soos verbetering van wat reeds aan die gang is en dit is dan verandering wat met bestaande kundigheid en vermoë bestuur kan word.

"*Discontinuous change*" is ekstrinsieke verandering wat onverwags op 'n mens afkom en dinge eintlik deurmekaar krap. Bestaande kundigheid en vermoëns is nie genoeg om in die veranderingsproses

te help nie. Hierdie tipe verandering vra dat geheel nuut gedink moet word en ander kundigheid en vermoëns bekom moet word. Daarby is die gevolg van die verandering dat iets vir altyd verander. Hulle verwys (2006: 7) na Eksodus wat verhaal hoe die volk Israel verander van 'n groep slawe tot 'n geheel nuwe nasie. Waar met ekstrinsieke verandering in die Kerk of 'n gemeente gewerk word, moet die leiers op hierdie belangrike saak bedag wees en almal wat daardeur geraak word, op hoogte te hou.

## 4.2 Omsigtigheid by die aanpak van verandering in/deur die Kerk en/of sy gemeentes

Die vraag wat in hierdie onderafdeling beantwoord moet word, is soos volg: Kan ekstrinsieke verandering in of deur die Kerk en sy gemeentes na willekeur aangepak word, of is daar bepaalde aspekte wat tydens elke veranderingsproses in gedagte gehou moet word? Miskien kan daar by monde van Jordaan (2007: 2) gevra word of mense hulle nou maar goedsmoeds moet oorgee aan dié "veranderingsdrang" wat so wyd op Kerklike terrein voorkom. Wat ook al die antwoorde op dié vrae gaan wees, één ding staan hier reeds soos 'n paal bó water: of die Kerk of sy gemeentes nou "organisasies", "liggame" of wat ook al genoem word, lidmate is daarop geregtig om groter sekerheid ten opsigte van ekstrinsieke verandering te geniet, al sou dit bloot beteken dat daar nuut na die veranderingsproses en die toerusting daarvoor gekyk. Vir die doel van hierdie ondersoek sal verskillende werke deur 'n verskeidenheid van teoloë ondersoek word.

Marais (2008: 4) gebruik 'n interessante invalshoek tot hierdie vraagstuk wanneer hy maan dat 'n kerk wat regtig met ekstrinsieke verandering erns wil maak, éérs met sy bestaande tradisie erns sal maak. Hy stel voorts dat slegs dié kerke wat hul tradisies werklik kén, dit kan waag om ingrypende ekstrinsieke veranderinge aan te bring. "Tradisie" hou, volgens hom, die idee van "oordrag" en "aangee" in, maar ook die gedagte van "oorlewer", in dié sin van Judas wat Jesus oorgelewer het: 'n mens moet jou dus deeglik vergewis van wát jy oorlewer! Tóg spreek Marais die hoop uit dat,

ondanks versigtigheid vir ekstrinsieke verandering, die Kerk se vrese vir sodanige verandering nie groter as sy vertroue in God sal wees nie. Hy spreek daarom die wens uit dat die Kerk, ondanks al die ekstrinsieke veranderinge waaraan dit blootgestel is, nie na veiligheid sal soek nie, maar steeds daarna sal streef om werklik aan God gehoorsaam te wees en te bly.

In sy werk oor hulp wat hy aanbied aan leiers wat verantwoordelik is vir verandering in kerke of gemeentes, wys Roxburgh (2005: 20-21) op 'n interessante aspek van versigtigheid in die aanpak van ekstrinsieke verandering. Daar is twee groepe wanneer dit by die proses van verandering kom, naamlik een groep wat gedagtig aan wat hulle geleer het en ken, vandaaruit verandering wil aanpak, maar nie noodwendig weet wat of hoe nie. Aan die ander kant is daar die wat die leiers wat as gevolg van al prosesse van verandering, net wil wegdoen met enige kerklike strukture omdat hulle moeg is vir al die menings daaroor, kontrole daarin en mag wat daarin gesetel is. Laasgenoemde groep wil breek met enige iets wat aan die verlede kan herinner. Die twee groepe staan nou teenoor mekaar in plaas daarvan dat hulle saamstaan en mekaar se kundigheid, visie en vermoëns deel. Hy beveel aan dat hulle nader na mekaar beweeg en saam werk, anders kan dit nadelig inwerk op die kerk of gemeentes

Van der Merwe (2003: 5) beskou ekstrinsieke verandering in die Kerk of in sy gemeentes op sy beurt as "voortdurende Bybels-reformatoriese vernuwing", wat sowel die geestelike lewe as die funksionering van die Kerk raak. Daarmee verstaan hy dan (met verwysing na Romeine 12:2) dat hierdie soort verandering 'n verandering na die Kerk se denke, houding (intrinsieke verandering0 en funksionering (ekstrinsieke verandering) veronderstel. Enige verandering kan daarom nie bloot ter afwisseling gemaak word nie, maar móét Bybel-begrond wees.

In sy hantering van verandering beredeneer Clowney (1995: 169) die saak vanuit min of meer dieselfde gesigspunt as hy stel dat

ekstrinsieke verandering op sigself nie verkeerd is nie, mits die waarheid van die Skrif nie ter wille van die aan- of inpas by omstandighede in die slag bly nie. Dan verwys hy na Paulus wat, volgens 1 Korintiërs 9:20-21, vir 'n Jood soos 'n Jood word en daarmee saam as't ware verklaar dat hy bereid is om groot ekstrinsieke veranderinge te deurstaan. Paulus was egter in geen stadium bereid om Bybelse beginsels oorboord te gooi of om Bybelse praktyke met nie-Bybelse praktyke en heidense idees te versoen nie. Die Kerk en elkeen van sy gemeentes moet dus oppas om nie verlei te word deur dít wat mense wil of verwag nie (Te Velde, 1992: 50).

Clowney (1995: 169) gaan trouens so ver as om te beweer dat baie van die verskillende sektes in Afrika en in ander wêrelddele juis as gevolg van die vermenging van Bybelse waarhede met heidense kultuurgebruike ontstaan het; iets wat, volgens hom, reeds 'n sterk saak uitmaak vir 'n mate van omsigtigheid wanneer ekstrinsieke veranderinge in die Kerk en/of in sy gemeentes oorweeg word.

Hayes (1999: 251-252) laat hoor op sy beurt 'n ánder oproep tot omsigtigheid wanneer dit op ekstrinsieke verandering in die Kerk of in sy gemeentes aankom. Hy wys daarop dat Christus se regering en koninkryk nie van hierdie wêreld is nie, wat natuurlik verklaar waarom daar in Sy koninkryk (Kerk – PF) géén plek is vir die wêreld se idee van wat sukses is en van watter vorm daarvan aanvaarbaar is al dan nie. Hayes illustreer sy siening deur daarop te wys dat, om 'n sakemodel as grondslag vir ekstrinsieke verandering in die Kerk te gebruik eerder as om dit op Bybelse waarhede te skoei, maklik daartoe kan lei dat die gemeenskap van geloof (gemeenskap van heiliges – PF) gekorrupteer kan word. Ook Te Velde (1992: 50) beklemtoon dat, sover dit die funksionaliteit van die Kerk of een van sy gemeentes aangaan, dit nóg die praktyk nóg menslike visie mag wees wat bepaal wat mág en wat nié, maar God se Woord alleen. Uit die Woord kom 'n mens immers te wete wat goed en wat sleg is.

Anders gestel: slegs uit die Woord word vasgestel wat opbouend vir die Kerk en vir sy lidmate is, en wat nié.

Almal wat in die moderne era leef, is dit eens dat die mensdom hom in 'n wêreld bevind wat voortdurend en soms teen duiselingwekkende spoed verander. Of dié ekstrinsieke veranderinge nou meebring dat daar voor- of agteruit gegaan word, en of daar versleg of verbeter word, dáároor bestaan daar wél meningsverskil onder mense (Theron, 1984: 73). Feit is egter dat ekstrinsieke verandering 'n harde werklikheid is wat nie gestuit kan word nie. Hoewel die mens steeds 'n mate van beheer oor sy/haar reaksie op al dié nuwighede uitoefen, kan die meeste veranderingsprosesse nie omgekeer word nie. Wat wél waar is, is dié uitspraak wat Theron maak, naamlik dat wanneer ekstrinsieke verandering in die Kerk ter sprake kom, daar nie blindelings ingestorm mag word nie, maar dat enige beplande verandering weldeurdag benader moet word. En dít hou sekerlik in dat dié mense wat aan die skerp punt van ekstrinsieke veranderinge staan, daarin geken sal word. Om aan te sluit by Theron, word dit waarop Wheatley (1999: 172) wys, aangehaal om iets van die skerp kant van verandering aan te dui. Sy verwys na die chaos waaraan mense blootgestel is elke dag ook vanweë 'n magdom ekstrinsieke veranderinge en dit maak dat mense onseker oor verandering is en vrees vir verandering ontwikkel. Daarom is sy van mening dat met die regte woorde en tegnieke mense wel oortuig kan word van die sinvolheid van enige verandering. Daarby moet onthou word dat mense aan baie invloede blootgestel is wat verdere verwarring veroorsaak en dit moet juis meewerk dat ekstrinsieke verandering reg en tog wel omsigtig aangepak word.

'n Ander rede waarom ekstrinsieke verandering in die Kerk omsigtig benader moet word, is omdat dit maklik verdeeldheid kan veroorsaak of bestaande verdeeldheid kan blootlê (Guder, 2000: 149). Dít kan weer daartoe lei dat sekere faksies die predikant, pastoor of leraar probeer beïnvloed ten einde hul eie idees te bevorder. In sulke

gevalle gaan dit lankal nie meer oor die waarheid of opdrag wat God in Sy Woord voorhou nie, maar oor menslike grille en geite wat voorop gestel word en katastrofiese gevolge vir die Kerk kan inhou. Wanneer die Kerk of sy gemeentes aldus verdeeld is, word God se opdrag, naamlik om die evangelie aan alle volke, nasies en tale te verkondig, natuurlik om twee redes agterweë gelaat: in die eerste plek omdat die lidmate te besig is om onderling te stry en vir hul "saak" steun te werf, en in die tweede plek omdat nie-Christene dié gestry één kyk gee en die Kerk van God die rug toekeer. Van "lig in die wêreld" en "sout vir die aarde" wees, kom daar in súlke tye dus maar weinig tereg. Om nie te praat van antikerklikes nie, wat hulle uiteraard in en oor enige Kerklike onenigheid verlustig en verkneukel.

Wanneer 'n mens jou egter voorneem om met nuwe oë en 'n positief gesinde hart te kyk na dít wat "anti-Christene," buitestaanders en kwaadsprekers teen die Kerk as 'n eindelose, uitgerekte en uiters vervelige gestoei oor snuifgetrapte beuselagtighede en kleinlike verskille beskou, verander dié einste "strydlustigheid" onder Christene eensklaps voor jou oë in die spreekwoordelike geurige wolk wat van die aarde na die hemel toe (moet) opstyg: daardie wierookwolk wat juis ál die aardse heiliges se vertwyfelings oor, versugtinge na en voorbidding vir voortdurende verandering en vernuwing in God se Kerk en sy gemeentes bevat. Wanneer 'n mens só nuut kyk na die wyse waarop die veranderingsproses in die Kerk ontvou, lyk dit nie meer na blote **besluiteloosheid** nie, maar na **erns maak met Gods Woord en Wil**. Teen die agtergrond behoort debatte oor bepaalde sake tydens Sinode vergaderings wat soms oor dekades kan strek, verstaan te word.

Maar, die voordele van só 'n demokratiese proses ten spyt, pleit Guder (2000: 150) ook dat gelowiges sal besef dat ekstrinsieke verandering in die Kerk steeds die werk van die Heilige Gees is en moet wees, en dít met Gods Woord as rigsnoer. Slegs op dié voorwaarde mag die Kerk deurentyd "*reshaping, reforming*" beleef. Tog kan dit, volgens hom, gebeur dat selfs "*reforming*" nie genoeg is

nie, en moet daar dus eerder (altyd mét die nodige omsigtigheid, deursigtigheid en eerlikheid) "*conversion*" by die Kerk plaasvind. 'n Ander outeur wat ook in dié verband tot omsigtigheid maan, is Anderson (1992: 12-13). Hy stel dat daar mense is wat gedurigdeur na maklike "formules" soek om dinge in die Kerk te verander, maar dat súlke formules eenvoudig nie bestaan nie. Elke situasie (lees: "kerk" of "gemeente" – PF) is immers uniek. Daarby is ekstrinsieke verandering in die Kerk selde maklik en verg dit tyd, ernstige gebed, geld en bediening. Hy wys verder daarop dat daar géén kortpaaie vir dié proses bestaan nie, en dat doeltreffende, suksesvolle gemeentes die produk van járe se intense en volhardende werk en gebed is.

En tóg, ondanks sy oproep tot omsigtigheid wat ekstrinsieke verandering in die Kerk betref, hoor mens by Anderson (1992: 17) dié versugting: "*I very much want the church of the twenty-first century to not only survive but also to thrive*." Dít kan egter slegs gebeur as daar in gehoorsaamheid voor Gods Woord gebuig en biddend om die leiding van die Heilige Gees gepleit word.

Anderson (1992: 21) wys op nóg 'n aspek waarin omsigtigheid moet triomfeer, naamlik die wyse waarop ongelowiges deur die Kerk en sy lidmate benader moet word. Hy wys in dié verband daarop dat die ongelowiges se huidige omstandighede altyd as vertrekpunt moet dien, in plaas daarvan dat gelowiges hul eie situasie as afspringplek gebruik. Allerlei groepe word in die lewe geroep om behoeftiges se nood te verlig, sonder dat dié groepe ooit prontuit as Christelik geïdentifiseer word. Daar word dus met eufemismes of versluierde name na die Bybel en die Kerk verwys ten einde mense "nie te konfronteer nie", of omdat dit nie "polities korrek" geag word nie. En dít, meen Anderson, lei nood-gedwonge daartoe dat die Kerk nie meer ís wat dit veronderstel is om te wees nie, naamlik die instelling wat God se Woord (hoe onpopulêr en "polities inkorrek" ook al) die wêreld moet indra. Anderson (1992: 21-22) illustreer sy stelling aan die hand van dié voorbeeld dat as 'n mens 'n restaurant besoek, jy tog die verwagting koester om daar iets te ete te kry. Só behoort die

Kerk die vergaderplek van God se kinders te wees, en sonder blik of bloos die plek waar God en Sy Woord gehoor word.

Wanneer die Kerk egter wél vernuwe om in 'n snelveranderende wêreld relevant te bly en sy regmatige rol te bly vervul, is dit belangrik dat lidmate sal onthou dat dit steeds die Heilige Gees is wat in die wêreld werksaam is (Villa-Vilencio, 1994: 99). En al verander die Kerk ekstrinsiek hóé, mag daar nooit van hom verwag word om soos 'n masjien met oulike klein koekiedrukker-oplossings vir al die komplekse sekulêre probleme en hedendaagse tameletjies vorendag te kom nie. Geen valse indruk mag dus oor die Kerk en sy rol in die wêreld geskep word nie – selfs nie eens wanneer ingrypende ekstrinsieke veranderinge wél teweeggebring word nie.

Sepulveda (1991: 73) stel op sy beurt dat Paulus met Romeine 12:2 beslis nie propaganda maak vir klakkelose verandering ter wille van verandering nie. Dié oproep tot vernuwing behels óók nie dat elke gier of geit deur die Kerk of sy lidmate nageloop moet word nie. Wat dié soort verandering wél veronderstel, is dat elke nuwe generasie opnuut hul harte, verstand, gees en siel sal oopstel om God se stem te hoor. Dit gaan om intrinsieke verandering wat in lewenswandel waarneembaar behoort te wees.

Daarby wys Sepulveda daarop dat dié tendens wat reeds eeue lank in die Kerk te bespeur is, naamlik om Kerklike strukture by die sosiale, politieke, ekonomiese en kulturele strukture van die dag aan te pas, enige potensiaal vir ware "*continual renewal*" soos mis voor die son laat verdwyn, en dat géén ekstrinsieke verandering ooit die vastigheid van die evangelie en Gods Woord mag ondergrawe nie.

In sy oordenking van die betekenis van Romeine 12:2 is Aheto (1991: 80-81) eweneens die mening toegedaan dat Christene nie soos die wêreld mag lyk of optree nie, en dat hul veranderingsprosesse daarom ook ánders as die wêreld s'n moet ontvou. Dít mag egter nie veroorsaak dat gelowiges leef asof hulle van die wêreld afgesny of daarbo verhewe is nie. Dit het veel eerder die bedoeling dat die gelowige **in** die wêreld moet leef, maar nie **van**

die wêreld moet wees nie (Aheto, 1991: 81). Hierdie onderskeid maak dat ekstrinsieke veranderinge in die Kerk dié "anders wees" van die gelowige in die wêreld nie moet aantas nie, maar eerder moet ondersteun en onderstreep.

'n Hartseer gebeurtenis in die tagtigerjare word deur Cassells (1991: 87) opgehaal om tot versigtigheid ten opsigte van verandering aan te spoor. Cassells verwys naamlik na die opkoms van die charismatiese bewegings in die Karibiese samelewing, waardeur gehoop is mooi vernuwing en verbetering in die gemeentes en Kerk sou plaasvind. Hierdie hoop is, helaas, gou beskaam, omdat talle mense hul eie gemeentes begin stig het, en dít bloot omdat hulle deur magsug beetgepak is. Anders gestel: ménse, in plaas van God en Sy Woord, het die spil geword waarom dinge tóé begin draai het. Cassells (1991: 87) kom dan ook tot die gevolgtrekking dat súlke ervarings daartoe aanleiding gee dat mense wonder of gemeentes ooit enigsins vir ware vernuwing en ekstrinsieke verandering gereed sal wees. Dié droewe stuk Kerkgeskiedenis bewys nogmaals waarom omsigtigheid so noodsaaklik is wanneer die Kerk of sy gemeentes ekstrinsieke verandering in die vooruitsig stel.

In sy omskrywing van hoe die Kerk as mosterdsaad in die wêreld diensbaar kan en moet wees, wys Sine (1999: 195) daarop dat die Kerk nie hoef toe te laat dat moderne kulture vir hom voorskryf hoe "*the furniture of our lives*" gerangskik moet word nie, of dat dié kulture aan die Kerk voorskryf hoe en waar geld bestee moet word nie. In afhanklikheid van en biddend tot die Here sal God die Kerk help om in veranderende tye 'n verskil te maak. Die omsigtigheid waartoe Sine dus die Kerk en sy gemeentes wil vermaan, is dat daar nie aan wêreldse kulture gehoor gegee moet word as die Kerk wel ekstrinsiek verander nie, maar slegs aan God en Sy Woord.

Ewe waar is 'n aangeleentheid wat Snyder (1996: 13-17) aanroer, naamlik dat die Kerk versigtig moet wees om "nuwe wyn in ou sakke te wil gooi"; 'n vermaning wat in gelyke mate vir die veranderingsproses in die Kerk geld. Hóé ekstrinsieke veranderinge

teweeggebring word, mag dus géén bedreiging inhou vir dít waartoe die Kerk deur God in en na die wêreld geroep en gestuur is nie.

Ekstrinsieke verandering mag ook nie bloot 'n mode of tendens van die tyd word nie. De Klerk (2008: 24) spreek dié saak aan wanneer hy daarop wys dat dit nie maar 'n mode mag word om te verander ter wille van verander nie. Ekstrinsieke verandering kan dan maklik 'n tipe bedieningstyl word, kwansuis deur dié argument gerugsteun dat lidmate op dié manier getrek en behou word. De Klerk waarsku egter dat wanneer ekstrinsieke verandering op hierdie spesifieke wyse en vir hierdie rede aangepak word, dit 'n gemeente eerder sal knou as opbou.

Nóg 'n rede tot omsigtigheid wanneer dit by ekstrinsieke verandering kom, is die feit dat daar lidmate is wat baie krities staan teenoor enige vorm van ekstrinsieke verandering, en baie bedreig voel daardeur (Nel, 1998: 26). Nel gaan verder deur daarop te wys dat sulke veranderinge daarom deur sulke lidmate met agterdog bejeën word, en dat enige poging tot gemeentebou dan met dieselfde huiwering begroet word. Sulke mense verkies oor die algemeen dat die *status quo* gehandhaaf word en verstaan baiemaal nie waarom daar alewig aan alles "gepeuter" moet word nie. Hierdie lidmate moet dan ook deeglik op enige ekstrinsiek verandering in die Kerk of sy gemeentes voorberei en in al die veranderingsprosesse geken word.

Te Velde (1992a: 33) wys daarop dat lidmate dikwels die term "gemeentebou" en "verandering" as uitruilbaar beskou. Enigiemand wat daarom met die gedagte van gemeentebou na vore kom, word krities beskou, met sommige sogenaamd "*behouwdende*" gereformeerde mense wat selfs daarteen sal waarsku. Sulke lidmate sien ekstrinsieke verandering inderdaad as onnodig, omdat hulle reken dat dít wat tot dusver vermag is, mos goed genoeg en reg gedoen is (Te Velde, 1992a: 33-34).

Die gevaar bestaan egter tóg dat gemeentes bloot as die een of ander sosiologiese werklikheid gesien en hul leiers tot "*agents of*

*change*" gereduseer word, met ekstrinsieke veranderinge wat as net nóg 'n proses voorgehou word (Nel, 1998: 33). Om dié rede pleit laasgenoemde outeur dat teologiese uitgangspunte altyd die rigting vir enige veranderingsproses in die Kerk of sy gemeentes sal aandui.

O'Kennedy (2003: 132-133) sluit by dié gedagte aan as hy daarop wys dat daar in sommige gesprekke en publikasies oor Kerkvernuwing (wat sekerlik verandering ook insluit – PF) bitter min gevra of verwys word na wat die Bybel oor vernuwing leer of sê. O'Kennedy wys verder daarop dat daar veral in gereformeerde kringe telkens na die frase *Sola Scriptura* verwys word, en dat dít daarom ook ten opsigte van ekstrinsieke verandering behoort te geld. Hy gaan voort deur Naudé aan te haal waar dié die volgende stelling maak: "Die Bybel is nie 'n handboek **by** transformasie nie; die Bybel is die handboek **vir** transformasie." Nóg 'n aanduiding dat die Bybel sélf die belangrikste rol behoort te speel wanneer die Kerk of een van sy gemeentes vernuwing of ekstrinsieke verandering in die vooruitsig stel.

Swart (2004: 331) se interpretasie van omsigtigheid by Kerkverandering behels weer dat daar nooit oorhaastig besluit of opgetree sal word nie. Hy stel voor dat deeglike introspeksie eers onderneem word rondom wie die Kerk is, wat die Kerk dink en hoe die Kerk doen en behoort te doen.

Miskien moet dit ook ter harte geneem word waar Nel (1995: 860) skryf dat "afbreek" en "verander" nie aan "opbou" gelykstaande is nie, wat daarop neerkom dat mense daarteen moet waak om goedsmoeds met bestaande strukture weg te doen. Om met bepaalde strukture weg te doen, mag wel nodig wees om sinvol verder te gaan, maar dan moet dit ná deeglike oorweging en motivering en met omsigtigheid gedoen word.

Dit is duidelik dat verandering in al sy fasette op Kerklike terrein iets heel anders veronderstel en vereis as op enige ander gebied. Wat hier belangrik is, is dat Kerkverandering aangepak sal word met dié gedagte dat die Bybel die finale riglyn en bepalende faktor moet

wees en bly. Daar moet gewaak word om bloot deur die tydsgees, waarin ekstrinsieke verandering ’n groot rol speel, gedryf te word, en om te verander ter wille van verander. Tóg is ekstrinsieke verandering iets waaraan die Kerk deurentyd moet aandag gee, maar dan om die regte redes en altyd met die Bybel as vertrekpunt.

## 4.3 Noodsaak vir verandering in die Kerk of gemeente

Die feit dat ekstrinsieke verandering in die Kerk of sy gemeentes in 'n mate met omsigtigheid aangepak moet word, negeer egter nie die nooddruf tot ekstrinsieke verandering wat ook hiér gevoel word nie. Trouens, in hoofstuk 2 is juis vanuit die Skrif aangedui dat gelowiges, dit wil sê die Kerk, nooit mag stagneer of ophou verander nie. Die vertrekpunt móét egter altyd bly dat alle ekstrinsieke verandering deur ’n weloorwoë proses voorafgegaan moet word. Die belangrikheid vir ekstrinsieke verandering word goed uitgedruk in dié woorde van Jack Welch, soos deur Esterhuyse (2009: 229) aangehaal: “Wanneer die pas van verandering buite (die organisasie) die pas van verandering binne (die organisasie) oorskry, is die einde (van die organisasie) in sig.” Sou hierdie stelling eweseer vir die Kerk en sy taak in die wêreld geld?

Die Menslikehulpbronne-vakgebied is een van die kaders waarbinne ekstrinsieke verandering en die noodsaak daarvoor baie aandag geniet, wyd bestudeer en druk bespreek word (vergelyk hoofstuk 6). Hoewel die nooddruf vir verandering hier groot erkenning geniet, word die noodsaak om die proses reg te bestudeer, ewe belangrik geag. Ook op dié terrein word algemeen aanvaar dat weerstand teen ekstrinsieke verandering nie die noodsaak daarvoor ophef nie, en dat ekstrinsieke verandering altyd onderneem moet word met inagneming van almal wat daardeur geraak gaan word.

In hierdie onderafdeling van die studie gaan verskeie werke in die Teologiese vakgebied ondersoek word om vas te stel of en, indien wel, in welke mate die noodsaak vir ekstrinsieke verandering op Kerklike terrein die regte aandag geniet het en reg aangespreek is. Daarby moet bepaal word in welke mate ekstrinsieke verandering

vergestalt het en of dit nie maar net geïgnoreer is nie. Hierbenewens sal ondersoek ingestel word daarna of die veranderinge wat wél deurgevoer is, steeds Bybels begrond was.

Hierdie studie binne 'n studie word onderneem om vas te stel watter, indien enige, dringendheid daar bestaan om gemeentebou as instrument te slyp om die lidmate en selfs die leiers van die Kerk vir ekstrinsieke verandering en die korrekte bestuur en hantering daarvan toe te rus.

Dat daar noodsaak tot verandering bestaan, wys Roxburgh in verskeie van sy werke uit. Hy wys egter op 'n belangrike saak wat in die aanpak van noodsaaklike ekstrinsieke veranderinge in gedagte gehou behoort te word. Roxburgh (2005: 24) wys daarop dat voor met ekstrinsieke veranderinge begin word, leiers betrokke (en selfs alle persone wat daardeur geraak sal word – PF) deeglik moet weet waar hulle in die nou/huidige staan. Verder moet daar deeglik kennis geneem word van magte en invloede wat bestaan en watter uitwerking dit mag hê in en op die kerk/gemeente en lidmate. Dit moet verdiskonteer word in die veranderingsprosesse, anders kan veranderinge wat aangepak word dalk op niks uitloop nie.

Om dié dringendheid aan te toon, doen Jackson (2008: 19) soos volg verslag oor 'n wêreldkonferensie wat deur die E-kerk in Duitsland gereël is en waar die kwessie van ekstrinsieke verandering ter sprake gekom het:

- Die fokus het glad nie op strukture geval nie, maar op die boodskap van Jesus Christus vir die wêreld. Wat by die gedagte aansluit is waar Walls (2002: 8-9) na Latourette verwys wat sy sendingwerk losgemaak het van kerklike strukture en eenvoudig gepraat het van verspreiding van die invloed van Jesus.
- Daar is uitgewys dat Christene in die hedendaagse samelewing teen die "verbruikerskultuur" in sal moet leef en 'n alternatiewe leefstyl daar moet stel, wat mense weer na Jesus sal lok.

- Daar is gepleit dat Christene toegerus moet word om minder dogmaties te dink en verder meer liefdevol en minder veroordelend te dink en op te tree.
- Daar is ernstig gepleit vir 'n nuwe Christelike leierskap. Leiers wat “vir die massas gaan”, moet vervang word met leiers wat weer op individuele vlak met mense omgaan en hulle toerus. Die “superster” moet dus met ’n “spanspeler” vervang word. Daar moet ook hard gewerk word om die kloof tussen ampsdraers en lidmate te oorbrug.
- Daar is ook gewag gemaak van hoe kerke in gebiede soos Indië, Viëtnam en Europa op informele wyse in huisgemeentes bymekaar kom, en dít dikwels onder ongeletterde persone, wat met groot sukses mooi vrugte in die koninkryk van God afwerp (Jackson, 2008: 19).

Tydens die konferensie is daar, volgens Jackson (2008: 19), na analogie van rekenaartaal gestel dat die Kerk “*reboot*” moet word en dat, soos Martoia (aangehaal deur Jackson, 2008) dit stel, die Kerk gerus elke 500 jaar van voor af aan kan “huis skoonmaak” en “rommelverkoping” hou, sodat daar van uitgediende gebruike en tradisies ontslae geraak kan word – iets wat vir seker soos mooi reformatoriese taal op die oor val!

Hierdie uitsprake laat egter dadelik die vraag ontstaan na wat werklik in die Kerk of sy gemeentes skeel en, indien daar wél sake sou wees wat dringende “*rebooting*” regverdig, wát hierdie sake presies behels. Dit is ook die vraag wat Te Velde (1992a: 43) homself afvra, en wat hy dan sommer uit die staanspoor beantwoord met dié stelling dat ongeag wat dié leemtes in die Kerk sou wees, hulle deurentyd in die lig van Gods Woord aangespreek en uitgesuiwer behoort te word. Hy spreek ook die vermoede uit dat dié dinge waaraan die Kerk en sy gemeentes mank gaan, moontlik met die uitvoering van die Kerk se taak op aarde verband sal hou, naamlik om God te verheerlik en Sy Woord uit te dra.

Dit val dan uiters ironies op dat wanneer ekstrinsieke verandering op Kerklike terrein ook al ter sprake kom, elke beweging of groep wat sodanige verandering wil inisieer, sonder uitsondering met 'n ortodokse groep gekonfronteer word wat dit ewe geesdriftig teenstaan (Schwarz, 1999: 7).

Om sy stelling te bewys, herinner Schwartz aan die Reformasie, wat deur Rooms Katolieke Ortodoksie teengestaan is, en aan die Piëtistiese Hernuwing in Europa, waarteen Ortodokse Protestante so heftig gekant was. Tot sy skok en ontgogeling kon hy dus nie anders nie as om tot die gevolgtrekking te kom dat hernuwing of Bybelse verandering se sterkste teenkanting gewoonlik vanuit Kerklike geledere sélf ervaar word (Schwarz, 1999: 7). Om alles te kroon, word die verdedigende stryd teen vernuwing gewoonlik onder die dekmantel van sogenaamde "dogmatiese korrektheid" aangesê en gevoer. Maar, die geskiedenis leer ook dat hierdie soort teenstand omtrent so "effektief" soos die spreekwoordelike vinger in die dyk is!

Ondanks hierdie konflik, moet ekstrinsieke verandering waar nodig die regte aandag kry. So wys Botha (2010: 1) na 'n studietoer wat onderneem is om tendens by kerke van Nederland, Engeland en Suid Afrika te ondersoek, daarop dat hulle baie geleer het. Twee sake wat vir doeleindes van die studie uitgelig word is eerstens dat Kerkwees eietyds moet wees en binne 'n bepaalde konteks herdefinieer behoort te word. Anders gestel: geskiedenis mag nie die koers van die Kerk onnodig vaspen nie. Tweedens moet in prediking en die kultuur van die gemeente/geloofsgemeenskap die missionêre kerkwees asook 'n Koninkryksperspektief neerslag vind. Dit dan om aan te sluit daar waar God Drie-Enig reeds aan die werk is. Duidelik word *Semper Reformanda* gehoor!

Juis vanweë die feit dat ekstrinsieke veranderinge op Kerklike terrein meestal so duur verworwe en suur verdiend is, is dié vernuwings ook nie maklik om ongedaan te maak, af te water of sommer net weg te wens nie. Hendriks (2001: 182-185) wys ter stawing hiervan prakties aan watter gedaanteverwisseling plaaslike gemeentes se opset

reeds ondergaan het, veral wanneer 'n mens die omstandighede van die plaaslike Kerk vóór en ná 1960 sou begin vergelyk. Hy wys byvoorbeeld daarop dat plaaslike kerke (dit wil sê, vóór 1960) binne 'n bepaalde denominasie dieselfde liturgie gehad en dieselfde Psalmboek (2001: 182) gebruik het. Tiperend vir hierdie gemeentes was ook dat hulle oorwegend na binne gerig en gekeer was, met hoogstens 'n terloopse belangstelling in hul gemeenskap en halfhartige pogings tot sendingwerk. Om dié toedrag van sake te verander, was ook glad nie hoog aan die destydse Kerk se prioriteitslys nie. Dit het nog minder by lidmate opgekom om enigiets Kerklik te bevraagteken of om hul kerke te verlaat. Die enkele lidmate wat wél in daardie stadium van hul kerke begin wegdryf het, het nie enige optrede of aandag van die Kerk regverdig nie.

Die Kerklandskap ná 1960 (2001: 184) sien egter heel anders daar uit. Of, soos Hendriks dit stel: "*Omstreeks 1960 breken de Kerkelijke dijken.*" Openheid is skielik aan die orde van die dag. Sending en diakonaat staan meteens voorop en meer en meer gevalle van Kerkverlating word aangemeld. Om hierdie uitgaande gety te keer, was 'n paar bolangse verstellinkies om mense te paai, net nie goed genoeg nie. Dit het gou geblyk dat die "gepeupel" met niks anders as egte "vernieuwing" tevrede sou wees nie.

Smit (1999: 9) soek die oorsaak vir die Kerk se oënskynlik ingeburgerde onwilligheid om ekstrinsiek te verander, by die belangrikste probleem waarvoor die Kerk tydens vernuwing te staan kom; iets wat Sine onder woorde probeer bring met die uitlating "*we do not know why we do what we do*". Verder wys Smit (1999: 1) daarop dat die Kerk om die een of ander duistere rede byna nooit by magte blyk te wees om ekstrinsieke verandering in die wêreld en in gemeenskappe betyds te voorsien, te herken of te erken nie – in elk geval nie voordat die skrif reeds aan die muur is en die Kerk eintlik meestal laat reageer op sodanige veranderinge nie. Hy kom egter tot die slotsom dat nóg die Kerk nóg sy lidmate dit kan bekostig om, soos in die verlede, volstruispolitiek te bedryf as dit aankom op al die

ekstrinsieke veranderinge waarmee die wêreld daagliks gekonfronteer staan, en waarvan die verstand soms wil boggel.

In die Suid-Afrikaanse Kerkbestel ná 1994 veroorsaak die plofbare politieke situasie en onsekere oorgangstydperk dat dit met die gemeentes ewe onrustig daaraan toe gaan (De Klerk, 2008: 25). Hierdie vloeibare situasie bied egter aan sowel die gemeentes as die Kerk die sonderlinge geleentheid om, volgens De Klerk, selfondersoek te doen wat hul identiteit en daarmee saam hul rol in die wêreld betref. Die Kerk kon eenvoudig nie meer die nuwe winde wat van alle kante af aangewaai gekom het, ignoreer nie, en moes kies om óf meer relevant te raak óf vreemd en vervreemd as blote toeskouer toe te kyk hoe 'n splinternuwe nasie uit al dié woelinge, geweld en pyn gebore word.

Villa-Vilencio (1994: 95) skaar hom by De Klerk se voormelde waarskuwing aan en kommer oor die Kerk in die Suid-Afrikaanse opset wanneer hy vra of die Kerk hier ter plaatse en in die globale konteks steeds die waarde toevoeg wat dit veronderstel is om te doen. Dít vra hy teen die agtergrond van die rol en status wat die Kerk in Suid-Afrika van vóór 1994 vervul en geniet het, vergeleke met die paradigma-verskuiwing en statusverandering wat die Kerk ná 1994 ondergaan het. Hy wys in sy repliek daarop dat die politici byvoorbeeld selde of ooit die Kerk nader om tot die proses van nasiebou 'n bydrae te lewer. Daarby wys Villa-Vilencio (1994: 95) daarop dat vele lidmate hulself in 'n soort "ghetto" teruggetrek het en hul energie bloot aan selfgeïdentifiseerde geestelike sake wy. Aan die ander uiterste van dié kontinuum steier sosiologies-betrokke teoloë weer onder die ontsaglike verantwoordelikheid om die nasie in hierdie tye van sosiale, politieke, ekonomiese en geestelike onrus met raad en daad by te staan.

Villa-Vilencio (1994: 99) doen daarom 'n ernstige beroep op die Kerk om meer betrokke te raak en om met konkrete voorstelle vir spesifieke vraagstukke van ons tyd vorendag te kom. Dít behoort die Kerk, volgens hom, te doen selfs al sou oordeelsfoute soms begaan

word.

Hy som sy betoog op wanneer hy een van Clement se stellings aanhaal, wat daarop neerkom dat die Kerk die rol van 'n "*perpetual learner*" moet aanneem, en dat hy elke "*teachable moment*" moet benut. Dit sou byvoorbeeld meebring dat die Kerk die gemeenskap wat hy bedien, deeglik sou moes bestudeer ten einde vas te stel presies waar die grootste nood ervaar word, en presies waar die Kerk waarde sou kon toevoeg. Dit sou egter allereers verg dat die Kerk moet besef en erken dat hy nie altyd vir alle tye, omstandighede en situasies al die antwoorde in pag het nie (Villa-Vilencio, 1994: 99). Die Kerk sou dus uit eie geledere sy denke oor sy rol in en waarde vir die wêreld moes vernuwe. Trouens, 'n kerk wat van sy tydsgees en leefwêreld vervreemd geraak het, sal dit baie moeilik vind om sy Goddelike opdrag uit te voer en uit te leef (Willers, 2009: 1). Willers is daarom oortuig dat die Kerk voortdurend sal moet reformeer (verander) om met die "nuwe wêreld" in voeling te kom en te bly.

Nel (1998: 27) se vertrekpunt vir Kerklike vernuwing en ekstrinsieke verandering is die onomstootlike premisse dat die gemeente (en dus ook die Kerk – PF) vanweë sy blote op-die-aarde-wees vernuwing nodig het, net soos elke mens vanweë sy/haar aardsgebondenheid en sondige natuur hom-/haarself daagliks moet bekeer (lees: "vernuwe"). Trouens, gelowiges ontvang in 2 Korintiërs 3:18 die opdrag om ál meer intrinsiek te verander om sodoende aan die beeld van Christus gelyk te word. En wat hier vir gelowiges geld, geld tog eweneens vir hul Kerk (Nel, 1998: 27). In die lig hiervan waarsku Nel (1998: 28) dat indien 'n gemeente sy rol bloot as "restoratief, bewarend (en) instandhoudend" sou beskou, daar niks van sy eintlike doel op aarde tereg sou kom nie, naamlik om almal ín en óm hom te help reformeer.

Tradisioneel is organisasies aan die hand van hiërargiese stelsels ingerig, met 'n paar leiers heel bó wat hul kennis en wysheid tydsaam kon deurgee aan die meerderheid wat aan hulle ondergeskik was (Hawkins, 1997: 4). Moderne organisasies sien

egter allerweë 'n afplatting van hul organogramme, om nie te praat van die ontploffing wat betref die beskikbaarheid, bekombaarheid en disseminasie van inligting na alle kante en in alle rigtings nie. Inligting kan daarom nie meer met verdrag en langs hiërargiese lyne deurgegee word nie, wat natuurlik 'n groot impak het op die wyse waarop die Kerk sy Boodskap sal moet verpak, versend en versprei. Om aan te sluit by hoe inligting weergegee word, wys Castells (2010: xxvi) daarop dat die wyse van kommunikasie die grootste impak het op sosiale verandering. Die hele aspek van die intrede van die Web –era, so redeneer hy, het mense se manier van dink en doen verander. Tieners kyk televisie op hulle eie rekenaars en mense jonger as dertig lees koerant op die rekenaar en selfs sosialisering gebeur op die Web deur Facebook, MySpace wat 'n aanlyn gemeenskap skep (Castells, 2010: xxix).

Benewens die revolusie wat besig is om op Inligtingsfront uit te speel, word organisasies (die Kerk ingesluit – PF) vandag genoop om, weens ekonomiese druk, die globale speelveld waarin hulle funksioneer en die gepaardgaande groter mededingendheid, in 'n baie hoë mate te diversifiseer en multifunksioneel te raak (die vermoë om te "multi-task"). Om sake nog verder te kompliseer, word daar van organisasies verwag om spesialiste op al dié gebiede te wees (Hawkins, 1997: 5). Hawkins (1997: 5-6) wys egter daarop dat, wanneer die Kerk se funksionaliteit met dié van 'n wêreldse organisasie vergelyk sou word, die Kerk hierdie "mantel" van verandering, verdrukking en "gedwonge" vernuwing trotseer, teen dié tyd lank reeds onverstoord en met grasie moes kon dra, aangesien die Bybelse geloof in presies sulke stormagtige tye en veeleisende omstandighede tot stand gekom het. Die geskiedenis leer dan ook, ironies genoeg, dat dit juis súlke tye en omstandighede is waarin die Kerk gedy. 'n Mens hoef maar net 'n voëlvlug oor die volk Israel se geskiedenis te onderneem om jou hiervan te vergewis. Die Kerk se ontstaan is ook kensketsend van hierdie leitmotief, naamlik dat pyn

(lees: “verandering” en “vernuwing”) in die Christelike idioom byna sinoniem met en beslis ’n voorvereiste vir transformasie en groei is.

Dié leidende gedagte dat die Kerk voortdurend ekstrinsiek moes en moet bly verander, is ook soos die spreekwoordelike goue draad deur die Nuwe Testament verweef. O’Kennedy (2003: 444) stel byvoorbeeld dat dit baie duidelik uit Dunn se studie van hierdie fenomeen blyk dat die Kerk nooit vasgehaak het by dié bedieningspatroon wat vir die eerste gemeentes aanvaar is nie. Daar is, inteendeel, deurentyd nuut gedink oor Kerk-wees in ’n wêreld wat eweseer bly verander het. O’Kennedy (2003: 446) waarsku daarom dat Kerkleiers altyd daarteen moet waak om geen enkele bedieningsmodel uit die Bybel te haal en dit te verabsoluteer wanneer die Kerk voor ekstrinsieke verandering te staan kom nie.

Daar moet deurlopend, biddend om die leiding van die Heilige Gees, gesoek word na die beste bedieningstruktuur vir die plaaslike kerk (O’Kennedy, 2003: 446), welke struktuur uiteraard van een gemeente na ’n ander mag en sal verskil. Wanneer ’n bedieningstruktuur só vir elke gemeente pasgemaak word, sal nie een struktuur presies dieselfde as ’n ander wees nie, omdat elke gemeente unieke behoeftes en omstandighede het. Pelser (1990: 16) stel onomwonde in dié verband dat selfs die beste bedieningsmodel nie noodwendig in alle gevalle ’n begeesterde gemeente tot gevolg sal hê nie. Kerkleiers moet daarom besef dat die hele aspek van diversiteit nooit tydens die veranderings-proses uit die oog verloor mag word nie (O’Kennedy, 2003: 447). Daarby wys Jenkins (2002: 3) daarop dat vanweë die groot skuif wat die Christelike Kerk van Noord na Suid beleef soos hy dit beskryf, 'n mens versigtig moet wees om te sê wat moderne Christene gaan aanvaar of waar hulle ekstrinsiek sal wil verander.

O’Kennedy (2003: 447) wys ook op sy beurt daarop dat dit gewoonlik krisisse of groot omwentelinge was, byvoorbeeld die krisis ná die moord van Stefanus, wat gelowiges gedwing het om nuut oor hul geloof te dink. Dié krisisse kan selfs as gevolg van omstandighede

ontstaan, soos byvoorbeeld politieke of sosiale onrus. Net só kan nuwe behoeftes, soos daar in Handelinge 6 oor die versorging van die weduwees onder die Grieksspreekende gelowiges berig word, die Kerk noop om nuut en innoverend te dink, en dan daarvolgens te verander (O'Kennedy, 2003: 447).

Ekstrinsieke verandering skep by die Kerk nuwe visie. Só het die vroeë Christene ondanks hul wrede vervolging voortgegaan om nuwe gemeentes te stig, omdat hulle 'n eskatologiese verwagting van die nuwe hemel gehad het (O'Kennedy, 2003: 448). 'n Kerk wat agtertoe bly kyk, sal mettertyd kwyn, terwyl 'n Kerk wat met vertroue en geanker in die Woord vorentoe bly kyk, sal groei en gedy, soos die groei van die vroeë Kerk ondanks vervolging en verguising getuig.

Nóg 'n gegewe wat ekstrinsieke verandering in die Kerk en sy gemeentes noodsaak, is die groot verskeidenheid van take en funksies wat deesdae in 'n gemeente uitgevoer en verrig moet word. Die opgawe om 'n moderne gemeente te lei en te bestuur, is gewoon nie meer 'n taak wat die pastor/predikant alleen kan behartig nie (Hawkins, 1997: 7). Vandaar dan ook, volgens voormelde outeur, die groot klemverskuiwing vanaf sentralisering na koördinering. Seay (soos aangehaal deur Jackson, 2008: 19) bepleit ook vernuwing wat betref die Kerk se funksie om sélf lerend te wees. Die wyse waarop 'n kerkkantoor beman of 'n gemeente se finansies bestuur word, verskil hemelsbreed van hoe dit selfs net 'n klompie jare gelede gedoen is (Hawkins, 1997: 9). Daarby wys Castells (2010: vii - xxii) daarop dat hoewel die ekonomie die hoogte ingeskiet het en indiensneming (werksgeleenthede word geraak – PF) verander het, lewenskoste nie noodwendig daarmee tred gehou het nie. 'n Wyse waarop gesinne hulle lewenskoste in plek kon hou, was deurdat vroue die arbeidsmark betree het met al die gepaardgaande gevolge. Tyd het 'n probleem geword en dit sou sekerlik daartoe lei dat geld en tyd waarop die Kerk eens kon reken, net nie meer daar is nie. En teen die koers wat die tegnologie en bankwese tans

vernuwe en verander, kan 'n mens jou verstout om te sê dat dit waarskynlik oor 'n paar jaar van nou af wéér groot aanpassings gaan verg. Ekstrinsieke verandering bestryk daarom 'n veel wyer veld as wat dikwels in Kerklike kringe gedink word.

Oor die gedagte van ekstrinsieke verandering laat Hawkins hom baie sterk uit (1997: 141), en hy koppel dit nóú aan die Kerk, of dan meer spesifiek aan gelowiges se dissipelskap van Jesus. 'n Dissipel is egter, op grond van die definisie van die woord, 'n léérling, en die Kerk moet dié lewenslange internskap bestuur, en tydens die leerproses onverpoosd aan elke gemeentelid (lees: "dissipel") se groei werk. Die teenoorgestelde van dié proses sou die idee wees dat mens genoeg van alles af weet, net om agteroor te gaan sit en met ál groter onthutsing toe te kyk hoe jou Kerk, gemeente en godsdiens kwyn en irrelevant raak.

Die wyse waarop Christelike etici en teoloë tot onlangs toe na sake rakende die wêreld en die planeet aarde gekyk het, moes inderdaad ook in die lig van die Kerk se groter betrokkenheid aanpas verander (Bratton, 2000: 113). Volgens Bratton kan geen Christen wat glo dat die Kerk ook verantwoordelikhede het ten opsigte van dié wat honger en dors het en arm en gemarginaliseerd is, langer die groot nood wêreldwyd ignoreer nie. Net so min kan die Kerk omgewingsverval langer stilswyend bly ignoreer, maar sal vanuit die Bybel moet meepraat daaroor dat die mens opnuut sy kuratorskap opneem van alles wat God geskape het, om dit reg en tot Sy eer te bestuur. Ook hierin moet die Kerk sy rol in ekstrinsieke verandering op alle vlakke besef en sy gedagte oor insette verander.

Bratton (2000: 115) betoog verder dat die ekologiese veranderinge wat die mensdom sal moet teweegbring, vanuit die Christelike etiek met die regte waardes en gesindhede aangepak sal moet word. Hierdie veranderinge sal ook op alle vlakke van die samelewing bewerkstellig moet word, van die individu binne sy/haar gesinsverband tot en met al die groot wêreldliggame. Die Kerk durf nie langer maar net 'n stil meeloper van al die misbruik en

argeloosheid te wees nie, en sal sy hele ingesteldheid jeens die aarde en sy hulpbronne moet hersien.

Snyder (1996: 13-13) pleit egter in 'n nóg breër verband om Kerklike ekstrinsieke verandering, en hy doen dit aan die hand van 'n gelykenis wat Jesus in Lukas 5:37-38 gebruik het, naamlik dat 'n mens nooit nuwe wyn in ou velsakke gooi nie, wat wil heenwys dat die Kerk nie sy rol in die wêreld kan vervul sonder om te verander nie. Volgens Snyder se interpretasie is die nuwe wyn sinnebeeldig van God se Woord, terwyl die ou velsakke dít voorstel wat die mens sélf gemaak het – meer spesifiek sien hy die ou velsakke as die uitgediende Kerklike strukture en ondoeltreffende wyses waarop die Kerk in die gemeenskap diens lewer, en dan vra hy: "*What kinds of wineskins are most compatible with the gospel in our emerging global society?*" Hy wys verder daarop dat die ou Judaïsme nie die "nuwe wyn" van Jesus (lees: die evangelie – PF) kon bevat nie. Die Christelike geloof sou dáárdie ou velsak net laat bars het. Daarom moes nuwe vorms (lees: nuwe Kerklike strukture – PF) vir die Christelike godsdiens gegiet word, sodat die evangelie sy loop kon neem. Net so is Snyder (1996: 15) van mening dat die Kerk in elke tydvak eintlik vergeet dat die evangelie altyd nuut is en daarom telkens in nuwe velsakke aangebied behoort te word. Die Kerk moet dus voortdurend sy filosofieë, strukture en tradisies ondersoek ten einde dit tot eer, verheerliking en uitbouing van God se Koninkryk te vernuwe. Hier kan weer verwys word na Latourette (soos aangehaal deur Walls, 2002: 8-9) wat die gebruik van kerklike struktuur is sy sendingwerk vermy het en eerder gepraat het van die verspreiding van die invloed van Jesus. Iets waaroor vandag nuut gedink behoort te word op kerklike vlak.

Die Christendom en die Kerk van die Here is deurentyd in 'n stryd gewikkel waardeur die magte van die duisternis dit wil uit- en selfs afskakel (Schuurman, 1987: 45). Die Kerk durf daarom nie toelaat dat hy van die wêreld vervreemd raak nie. Die Bybel leer immers dat die Kerk die wapenrusting is wat God (volgens Efesiërs 6:12 en

daaropvolgende verse) aan die wêreld gegee het om op die pad na die nuwe Jerusalem te gebruik (Schuurman, 1987: 45). Daarom moet die perspektief van ekstrinsieke verandering en vernuwing, wat in Christus se verheerliking gesetel is, die Kerk se invalshoek in denke en in aksie in die wêreld wees. Hierdie invalshoek moet egter sinvol aangepas word namate die aanslag van die duisternis teen die Kerk in intensiteit en omvang toeneem en van gedaante verander. Hier kan ook van 'n ander hoek van aanval verwys word waaroor die Kerk homself moet vergewis. Dit word deur Friedman (2007: 8) op die tafel geplaas waar hy verwys na die impak van die rekenaar tegnologie. Daarin wys hy dat die wêreld plat geword en die speelveld gelyk daarin dat deur middel van epos, netwerke en telefoonkonferensies almal met mekaar kan kompeteer. Hy wys daarop dat bose magte egter ook toegang tot die medium het en hulle frustrasie, woede en vernedering kan wreek en vals en verkeerde inligting kan versprei waardeur dit waarvoor die Kerk en die Bybel staan afgebreek kan word. Daaraan is die lidmate van die Kerk immers blootgestel en daarop moet die Kerk en kerkleiers bedag wees.

Met die nood waaraan die mensdom vandag meer en meer blootgestel staan, is dit belangrik dat die Kerk oop sal wees vir nuwe maniere om dié behoeftes aan te spreek en by die groeiende nood van dikwels volslae vreemdelinge betrokke te raak (Ledger, 1991: 72). Volgens Ledger kan só 'n openheid slegs deur die verandering van die Kerk (lees: "gelowiges") se hart en gedagtes bewerkstellig word. Die hart- en kopskuiwe wat hiervoor nodig is, moet egter steeds binne die omsigtigheidsraamwerk geskied (hier handel dit in hoofsaak oor intrinsieke verandering – PF).

Daar moet voorts in gedagte gehou word dat deurlopende ekstrinsieke verandering in die Kerk 'n voorvereiste is om die ewiggeldende waarde van die evangelie in hul gegewe omstandighede aan mense te kan deurgee (Sepulveda, 1991: 73). Sepulveda gaan verder deur te stel dat die noodwendige spanning

tussen behoudendheid en ekstrinsieke verandering en tussen bewaring en hernuwing ten beste uitgebeeld kan word in die opkoms van die Pentekostalisme in die Chileense en Latynse bevolkings van Amerika. Die Pentekostalisme het naamlik veel groter klem op die volledigheid van aanbidding en op deelname deur alle lidmate geplaas. Hierbenewens is die Woord vir die eerste keer in hul eie taal aangehoor, iets wat radikaal verskil het van dít wat die Roomse Kerke tot op daardie tydstip gebied het (Sepulveda, 1991: 73). Hierdie ekstrinsieke veranderinge het groot voordeel vir die Kerk en koninkryk van God meegebring, en dit was lankal meer as tyd daarvoor. Een hartseer aspek van al die ekstrinsieke veranderinge was egter die fragmentasie en versplintering in 'n klomp sektes daarná, wat die geloofwaardigheid van die Kerk onder verdenking gebring het (Sepulveda, 1991: 74). Hierdie voorbeeld onderstreep dus maar net weer die feit dat ekstrinsieke veranderinge lelik kan skipbreuk ly indien dit nie omsigtig aangepak of reg bestuur word nie, selfs al was die motief vir die ekstrinsieke veranderinge hóé suiwer.

Cooney (1991: 76-78) maak van Romeine 12:2 die vertrekpunt as hy wil aantoon dat ekstrinsieke verandering in die Kerk 'n deurlopende saak van erns moet wees.
Die metamorfose waartoe Paulus gelowiges oproep, stel hulle in staat om hul manier van leef en doen, selfs wat die kleinste dingetjies betref, met God se hulp radikaal te verander. Deur só vernuwend op te tree en God se Lig die wêreld in te kaats, kan die Kerk daarin slaag om mense vernuwend en transformerend nader te trek. Cooney (1991: 78) beklemtoon ook die feit dat indien die Kerk (lees: "gelowiges" – PF) voortdurend innerlik sou bly vernuwe, hy die blye Boodskap van vreugde en hoop baie duideliker sou kon laat hoor.

Anderson (1992: 12-13) verduidelik sy siening dat ekstrinsieke verandering deurentyd in die Kerk moet plaasvind na analogie van 'n beeld. Hy beskryf naamlik die Kerk, of meer in besonder dan 'n gemeente, as 'n entiteit wat nés 'n mens ook soms siek kan word. Só 'n siekte kan aan een of meer van menige uiteenlopende oorsake

te wyte wees, byvoorbeeld lidmate se onboetvaardigheid of die feit dat onsuksesvolle pastore/predikante die gemeente bedien het of dat swak finansiële bestuur toegepas is of dat demografiese veranderinge die gemeente geïsoleer het. As die leiers van só 'n gemeente dan nie besef dat daar dringend na sulke vraagstukke gekyk en ekstrinsiek verander moet word nie, kan dit gebeur dat die gemeente ernstig "siek" word. Hy stel dan ook dat "*Good church leaders, like good physicians, are careful tot determine the correct diagnosis*" (Anderson, 1992: 13). En hier hoor mens dus duidelik wéér die waarskuwing: ekstrinsieke verandering is **nodig**, maar die **hoe** en die **wat** daarvan moet met groot omsigtigheid benader word. Word dit egter nie gedoen nie, kan so Kerk of gemeente tot 'n einde kom.

Anderson (1992: 17) wys verder daarop dat die Kerk eweseer uitgelewer is aan al die paradigmaverskuiwings wat voortdurend deur die samelewing gemaak moet word. Sy uitgangspunt is dat hoewel die Kerk hom nie deur elke klein verandering in die wêreld durf meesleur nie, die Kerk ook net in tye van ingrypende strukturele verandering in die gemeenskap staande sal kan bly en effektief sal kan wees indien sy wêreldbeskouing en -benadering in heroorweging geneem word (1992: 17).

Nóg 'n rede waarom die hedendaagse Kerk groot veranderinge in die samelewing nie kan of durf ignoreer nie (Anderson, 1992: 20), is die feit dat die moderne mens veel minder in teoretiese argumente of teologiese sisteme geïnteresseerd is. Te oordeel aan die gewildheid van televisieprogramme oor spiritisme alleen wil dit inderdaad soms voorkom asof die moderne mens meer geneë is om aan die bonatuurlike as aan sy/haar godsdiens self aandag te wy. Om die mensdom in sulke tye van groot afvalligheid reg te begelei, moet die Kerk sélf bereid wees om innoverend na oplossings te soek. Anderson (1992: 20) wys tereg daarop dat die Kerk van die 21$^{ste}$ eeu beslis nie kan bekostig om só in interne polemiek, kleinlike konflikte en tradisionele onderskeidinge verstrengel te raak dat dit nie die

totale aanslag kan afweer wat tans op hom en sy lidmate geloods word nie. Dit behoort daartoe te lei dat die Kerk erns moet maak met deurlopende reformasie, vernuwing en herlewing deur daarvoor op te pas om nie in stereotipes vas te val nie (Walls, 2002: 15). Die koninkryk kan dit op verskillende wyses openbaar.

Anderson vervolg sy betoog (1992: 22) deur daarop te wys dat die Kerk wél reeds 2 000 jaar lank oorleef het, maar dat die meeste mense onseker is oor hoe die Kerk van die toekoms daar gaan uitsien. Hy vra byna retories of hierdie merkwaardige oorlewing nie juis te danke is aan die feit dat die moderne Kerk nié meer dieselfde Kerk is as dié een wat 33 jaar ná Christus gestig is nie. Hierdie gedagte dat niemand seker kan wees hoe die Kerk oor dertig tot vyftig jaar daar gaan uitsien nie, word deur Jenkins (2006: 2) ondersteun. Dit juis omdat intellektuele tradisies volgens hom verander en ontwikkel oor tyd.

'n Laaste aspek wat Anderson in sy bestudering van verandering in die Kerk aanraak, is die verandering van die Kerk se demografiese omgewing in dié sin dat die meeste van sy lidmate verstedelik het (1992: 24-27). Plattelandse en stedelike gemeentes se samestellings toon groot verskille, en daarmee saam die eise wat aan elkeen gestel word. Verstedeliking, en die gepaardgaande verandering in die bevolkingsamestelling, het op sy beurt ánder veranderinge meegebring, soos byvoorbeeld die voertaal wat in die Kerk gebesig word. Groepe wat voorheen as minderheidsgroepe beskou is, se getalle het ook sedertdien aangewas, en hulle eis nou hul regmatige plek en posisie. Onwettige immigrante is ook oral te sien en wil van gemeentes deel word. Om al hierdie veranderlikes Bybels tot eer van God en tot voordeel van Sy koninkryk op aarde te bestuur, kán ou politieke en Kerklike bestuurswyses eenvoudig nie meer blindweg op alle gemeentes toegepas word nie. Nuwe denkwyses, hoewel steeds Bybels verantwoord, sal aanvaar móét word. Voeg by al hierdie veranderlikes die uiters wisselvallige finansiële toestande van die dag en die armoede en nood wat dit in

die breë gemeenskap meebring, en 'n mens het 'n goeie resep vir grootskaalse sosiale omwenteling (Anderson, 1992: 29), wat weer van die Kerk gaan verg om innoverend te dink en om sake met verantwoording uit die Bybel te help stabiliseer.

'n Belangrike faktor wat op demografiese gebied 'n rol gaan speel ten opsigte van ekstrinsieke verandering waaraan die Kerk of gemeentes aandag sal moet gee, is die saak van immigrasie (Castells, 2010: xxii). Dit verhoog die multikulturele opset in 'n gemeenskap waarbinne gemeentes tot eer van God Drie-Enig moet leef en dien. Daarby moet elke mens (lees: lidmaat – PF) bewus wees en daarvan bewus gemaak word, dat kulture van mekaar verskil (Stilger, 2005: 5). Hy wys verder daarop dat eers wanneer jy 'n ander kultuur as jou eie goed leer ken, jy besef dat daar nie iets soos 'n vaste stel reëls vir die hele wêreld is nie. Dit moet die Kerk en gemeentes in veranderingsprosesse in berekening bring om steeds effektief volgens die wil van God diensbaar te wees.

'n Verdere belangrike aspek wat ekstrinsieke verandering in die Kerk en veral in gemeentes op plaaslike vlak tot gevolg sal hê, handel oor hoe lidmate en mense in die algemeen die Kerk (of dan gemeentes) beskou. Guder (2000: 145) wys in dié verband daarop dat daar ál meer in die Christelike kader konsensus bestaan dat die plaaslike Kerk die basiese eenheid van Christelike getuienis in die wêreld is. Die woord **plaaslik** dui daarop dat dit sigbaar op 'n bepaalde plek bestaan en dat die Kerk op daardie vlak getuienis moet lewer. Nou word dit algemeen onder ál meer lidmate en ander mense om by verskillende plaaslike gemeentes verby na "*the church of their choice*" te ry (Gruder, 2000: 147). Die keuse wat lidmate op dié manier uitoefen, raak verskillende aspekte van die bediening, soos byvoorbeeld tradisies, etnisiteit, programme wat aangebied word, teologiese uitkyk, wyse van erediensinkleding, wyse hoe kinders hanteer word, sosiale voorkeure en dan ook heel praktiese oorwegings soos die roete waarop die kerkgebou geleë is. Oor dié verskynsel van kies by watter gemeente iemand hom of haar tuis voel, kan baie gedebatteer word, naamlik of dit 'n goeie of 'n

onrusbarende tendens is, en daar sal waarskynlik in die praktyk groot meningsverskille hieroor bestaan. Die feit is dat daar wél so 'n tendens onder gemeentelede te bespeur is, en dat die Kerk dit op die een of ander wyse sal moet verdiskonteer en bestuur sodat die koninkryk van God steeds daardeur bevoordeel kan word.

Guder (2000: 147) stel egter dat daar nie 'n normatiewe wyse bestaan waarop die plaaslike Kerk georganiseer behoort te word nie. Die taak wat elke Kerk het, is om in die omgewing waar dit geleë is, die Woord van God missiologies uit te dra. Dit bring volgens Gruder mee dat die geloofsgemeenskap só gevorm kan en behoort te word dat dit getuienis kan lewer wat die beste inpas by hoe die omgewing daar uitsien.

'n Verdere saak wat die Kerk volgens Gruder (2000: 147) moet verdiskonteer, is die feit dat die klem hier aan die begin van die 21$^{ste}$ eeu ál meer op die plaaslike Kerk val, en dat lidmate min erg het aan aspekte soos streeks- en nasionale Kerklike strukture. Hierdie is 'n tendens wat veral in Westerse Kerkgenootskappe voorkom, en is 'n verwikkeling wat kerke eenvoudig nie langer kan ignoreer nie.

Theron (1984: 73) benader ook sy studie van die noodsaak vir Kerklike verandering vanuit die oortuiging dat ekstrinsieke verandering nie noodwendig sleg is nie. Hy wys nietemin daarop dat só 'n veranderingsproses wel vaste punte nodig het. Hy verduidelik sy standpunt aan die hand van 'n beeld, naamlik dié van meubels wat in 'n huis herrangskik word. Só 'n skuiwery kan natuurlik óf goeie óf slegte resultate hê, behalwe as die fondamente van die huis óók in die proses sou skuif, wat natuurlik 'n heel ander saak is. Kerklike ekstrinsieke verandering moet, volgens hom, na analogie van hierdie beeld beskou en bestuur word in dié sin dat sorg gedra moet word dat die vaste punte tydens die proses behoue bly.

Nog 'n belangrike aspek wat maak dat die Kerk ekstrinsieke verandering nie kan ignoreer of systap nie, is die netelige kwessies en groot vraagstukke waarmee die mensdom, en daarom ook die

Christendom, in die 21ste eeu te kampe het en nog gaan hê. Storkey (1991: 108-110) vra op sy beurt indringende vrae oor die Kerklike situasie in Engeland, maar raak daarmee eintlik elke land ter wêreld se situasie aan – Suid-Afrika inkluis. Storkey wys in sy beoordeling van dié Kerkgemeenskap daarop dat wetgewing besig is om te verander, met die gevolg dat die lidmate van die Kerk meteens opgesaal word met vraagstukke wat tien tot twintig jaar gelede nie eens 'n faktor in hul lewens was nie. Dit omdat regerings wetgewing deurvoer oor sake waaroor die Kerk en gemeentes nuut moet besin binne die ekstrinsiek veranderende wêreld. Voeg daarby die hoë egskeidingsyfer en gepaardgaande problematiek van enkelouer-gesinne, en die Kerk sit met nóg vraagstukke waaroor mense uiteenlopende en selfs botsende opinies het. Om sulke vraagstukke te ignoreer of té rigied te hanteer, is natuurlik geen oplossing nie.

Dit sou ook nie melodramaties wees om te stel dat lidmate van kerke elke dag met ander en nuwe dilemmas, omstandighede en uitdagings gekonfronteer word nie (George, 2001: 14). Om dié rede moet die Kerk daarna streef om lidmate in hul alledaagse en daaglikse nood toe te rus, te ondersteun en by te staan, selfs al sou dit ingrypende ekstrinsieke veranderinge verg. George (2001: 16) gaan dan voort om agt aspekte te isoleer waaraan die Kerk dringend aandag moet gee ten einde op lidmate se hulpkreet van "*enable me to cope with change*" te reageer. Hier klink ook 'n duidelike wekroep tot toerusting met die oog op ekstrinsieke verandering op.

'n Ander realiteit waarop Storkey (1991: 111) wys, is die talle ekstrinsieke veranderinge wat in mense se werkplekke gemaak word en waarteen hulle geen verweer het nie, selfs al sou dit teen hul godsdienstige oortuigings indruis. Só gebeur dit ál meer dat werkgewers van werknemers verwag om op Sondae te werk, wat uiteraard ernstige implikasies vir hul erediensbywoning en betrokkenheid by gemeente-aktiwiteite inhou.

Die rolle wat die geslagte vandag vertolk, verskil ook radikaal van dít wat 'n klompie jare terug nog die norm was (Storkey, 1991: 111). Al

hoe meer vroue het die arbeidsmag betree en in Suid-Afrika het dit ná 1994 gebeur dat veral mans hul werk verloor en hul gades die broodwinners geword het. Die saak is soos Castells (2010: xxii) dit sien in aansluiting by wat Storkey uitwys, is reeds hierbo aangedui. Hierdie aspek dwing nogmaals die Kerk en sy gemeentes om anders te werk te gaan om lidmate vir verandering toe te rus.

Nog 'n saak wat beslis 'n groot impak op die samelewing en daarom ook op die Kerk en sy gemeentes het, is die feit dat mense vandag langer leef, wat dikwels meebring dat pensioen wat opgebou is, nie meer voldoende is nie (Storkey, 1991: 112). Hierdie toedrag van sake plaas bepaalde laste op kinders en op ander strukture, met ernstige finansiële en ander implikasies wat diakonieë en die Kerk regstreeks raak.

Voeg hierby die hele problematiek rondom siektes soos HIV/Vigs, tuberkulose en ander pandemies, en die Kerk het vir seker met 'n heel nuwe speelvak van dienslewering te make (Storkey, 1991: 112). Wanneer 'n mens al hierdie verwikkelinge in totaliteit beskou, blyk dit gou duidelik dat die Kerk met 'n gans ander sosiale sisteem te make het waarin die Kerk en sy lidmate Bybels getrou die evangelie moet uitdra om die breë gemeenskap van God se liefde en hoop te oortuig. Daarby wys Scharmer (2009: 2) daarop dat die tyd waarin ons leef dit duidelik word dat ou sosiale strukture aan die doodgaan is en die ou wys van institusionalisering waarin voorskrifte van kollektiewe aard vervat is, nou verby is. Dit verg inderdaad van die Kerk en gemeentes groot kopskuiwe.

Clowney (1995: 168) is dit eens dat die Kerk in hierdie immer wisselende bestel nie apaties teenoor ekstrinsieke verandering durf staan nie. Hy wys ook op die futiliteit daarvan om teen al die veranderinge wal te gooi, en dat dit die Kerk gerade is om ook te verander (Clowney, 1995: 171). Clowney lig sy standpunt toe deur te verwys na Jesus se opdrag in Matteus 13:33, naamlik dat die Kerk soos suurdeeg moet wees wat tot eer van God in die samelewing moet inwerk om só die sonde te beveg.

Swart (2004: 329) betoog dat die Kerk na sy dénke moet verander wat betref sy betrokkenheid by die hantering van die sosiale, ekonomiese, fisiese en geestelike probleme van die dag. Sy vertrekpunt hiervoor is dat die Kerk uiters verontrus behoort te wees oor die armoede en swaarkry wat steeds die meeste mense se aardse bestaan kenmerk (Swart, 2004: 328). Hy bepleit dan ook dat die Kerk in die hantering van al dié ellende oor sy teologiese vertrekpunt sal besin (Swart, 204: 332). Scharmer (2009: 2) wys in aansluiting by Swart daarop dat ondanks al die vooruitgang waarvan gepraat word, miljoene mense nog nie die voordeel daarvan geniet nie, maar steeds arm en honger is. Daar moet byvoorbeeld eens en vir altyd uitsluitsel gekry word of die Kerk se verantwoordelikheid slegs tot by sy lidmate se geestelike versorging strek, en of dit ook die verligting van hul fisiese nood en hul opheffing insluit.

Wat die missionêre rol van die Kerk in die wêreld betref, word daar ook pleidooie tot die Kerk gerig om ekstrinsiek te verander. Die een belangrike saak wat ten opsigte van missiologie in gedagte gehou moet word, is dat die tyd waarin missiologie nou plaasvind, fundamenteel verskil van hoe dit in die Bybelse tyd of kort daarna gebeur het (Bosch, 1991: 181). Hoewel dít wat in Bybelse tyd ten opsigte van heidene se bearbeiding deurgegee word nét so op vandag se missionêre werk van toepassing gemaak kan word, sal die Kerk in vandag se veranderende wêreld innoverend en kreatief moet bly dink om dít wat Jesus geleer het, op 'n verantwoordelike en Bybel-getroue wyse oor te dra (Bosch, 1991: 181). Hierbenewens moet daar altyd in gedagte gehou word dat die Kerk self steeds besig is om met behulp van 'n transformasieproses te groei tot wat die Kerk Bybels behoort te wees (Bosch, 1991: xv).

Mead (1993: 5) pleit op sy beurt ook daarvoor dat die Kerk se missionêre taak verder gevoer moet word as bloot die passiewe kyk na en praat oor die missionêre opgawe, en dat daar aktief op die voorgrond daaraan gewerk moet word om die evangelie uit te dra. Daarby behoort Kerkstrukture voortdurend innoverend aangepas en

vernuwe te word om die missionêre taak immer beter uit te voer (Mead, 1993: 5). Daar sal selfs weer soos Latourette gedink moet word wat los van kerklike strukture in sy missionêre werk eenvoudig daarop gefokus het om die invloed van Jesus te versprei (Walls, 2002: 8-9).

Hayes (1999: 259) maan egter dat ekstrinsieke verandering in die Kerk nooit tot gevolg mag hê dat die Bybel wat die missionêre betref bloot 'n bemarkingsmiddel word nie. Hierdie verskynsel om die Bybel só in te span, kan maklik tot gevolg hê dat die teikengehoor (dié mense wat met sending bereik wil word) gesus word omdat net dít deurgegee word waarmee hulle gemaklik is (Douglas Groothuis, soos aangehaal deur Mead, 1999: 259). Die Kerk moet daarom in sy pogings om missiologies meer doeltreffend te wees, altyd Bybel-getrou bly.

Wanneer die Kerk missiologies in die wêreld werk, moet drie aspekte in dié taak vergestalt word (Rasolondraibe, 2004: 32). Die werk behoort eerstens tot transformasie te lei en dan moet dit, in die tweede plek, versoening in die hand werk. Derdens moet mense daardeur bemagtig word om as gelowiges in 'n sekulêre wêreld staande te kan bly. In aansluiting by hierdie laaste punt behoort die Kerk danksy sy missiologiese bydrae euwels soos onregverdigheid, uitbuiting en uitsluiting, wat steeds oraloor 'n realiteit is, uit te wys en aan te spreek (Rasolondraibe, 2004: 34), wat uiteraard sal beteken dat die Kerk sélf op geen wyse aan sulke wanpraktyke aandadig mag wees nie.

Dit is juis deur missionêre werk wat die Christelike Kerk aan interessante ekstrinsieke veranderinge blootgestel is. Onder andere het dit daartoe gelei dat die gesig van die Kerk aan die verander is en reeds grootliks verander het (Jenkins, 2002: 1-2). Volgens Jenkins was die 1970's se idee van Christene dat hulle nie-swart, nie-arm en nie-jonk is nie. Die beeld het verander vandag daar soos Jenkins dit uitdruk, 'n skuif van Noord (Noord Amerika en Europa) na Suid (Afrika en Asië) plaasgevind het. Daarby kan dit in swart, arm,

groeiende lande voorkom dat daar of groot getalle Christene voorkom of minimale groepe Christene lewe (2002: 2). Dit staan teenoor die Noorde waar Kerkgroepe in die geheel op die punt staan om dood te gaan.

Ten einde sy missionêre verantwoordelikheid behoorlik na te kom, moet die Kerk, volgens Burger (1995: 9), besin oor wat sy taak in die nuwe Suid-Afrika gaan behels. Kerke uit die Gereformeerde tradisie sal dus opnuut en dieper oor hul identiteit moet besin (Burger, 1995: 10). Só 'n besinning sal natuurlik ook behels dat daar nuut gekyk word na al die geleenthede wat sulke tye van omwenteling die Kerk bied, en voor watter uitdagings die Kerk as gevolg daarvan te staan gekom het en gaan kom (Burger, 1995: 9).

Verder wys Burger (1999: 300) daarop dat Kerke en gemeentes wat van mening is dat hulle in die kragveld van die Heilige Gees leef, in elk geval voortdurend moet verander (dit dan sekerlik intrinsiek, maar ook ekstrinsiek), aangesien dit 'n Bybelse opdrag is. Die vraag vir die Kerk sedert die Reformasie moet dus wees: **Is die Kerk wat dit Bybels veronderstel is om te wees?** Die gemeentes waarvan ons in die Bybel lees, is deurlopend aan ekstrinsieke verandering blootgestel en is opgeroep om te wees wat God hulle in Christus bedoel het om te wees. Dit kan net as ekstrinsieke verandering wat deur gemeentebouprosesse na vore kom steeds voldoen aan wat Hendriks (1992: 85) as deel van gemeentebou uitwys, naamlik dat dit behoort te getuig van werk deur die "lewegewende, kragtige werking van die Heilige Gees."

Sine (1999: 204) vestig die aandag op nóg 'n aspek rondom die noodsaak vir Kerkverandering wanneer hy vra dat die Kerk nie bloot maar innoverend moet raak nie, maar dóélgerig innoverend. Daarmee bedoel hy dat die Kerk in die herontdekking van sy roeping hier op aarde die Bybelse boodskap só sal laat hoor en gelowiges dermate sal toerus dat álmal God beter sal kan dien, selfs midde-in die veeleisende 21$^{ste}$ eeu. Hier kom die gedagte dat die Kerk sy Koninkrykskarakter moet laat sien deur onverwyld te saai en

suurdeeg te wees in die breë gemeenskap en God toe laat om die groei wat Hy bedoel, te laat plaasvind (Walls, 2002: 14). Dit behoort daartoe te lei dat die Kerk Jesus se invloed laat voel en uitstraal (Walls, 2002: 13) asook 'n effek sal hê op die mensdom as geheel (Walls, 2002: 18).

Niemandt (2007: 49) beskryf die noodsaak tot Kerkverandering in dramatiese terme as hy daarop wys dat die Kerk van vandag as't ware aan reuse-storms blootgestel is in dié sin dat die wêreld Kerk-onvriendelik geraak het en in elk geval besig is om teen só 'n skrikwekkende pas te verander dat lidmate letterlik voel asof die wêreld hulle wil wegwaai. Asof dít nie genoeg is nie, neem lidmaatgetalle ook voortdurend af. Die vraag kom dus onwillekeurig by Niemandt op of die Kerk steeds met sy lidmate se behoeftes in voeling is, veral wat hul behoefte betref om ekstrinsieke verandering te kan hanteer.

Lidmate, saam met alle ander mense, leef tans in 'n wêreld waarin byna al die reëls verander het (Easum, 2007: 207). Dié "herskryf" van die reëls het, volgens Easum, aanvanklik drupsgewys plaasgevind, totdat dit later in 'n stortvloed van ekstrinsieke veranderinge omgesit het. Easum (2007: 211) is daarom die mening toegedaan dat die Kerk van die 21ste eeu meer organies as 'n blote instelling gaan wees – iets wat hy hoofsaaklik aan die sterk opkoms van die huiskerkbeweging toeskryf; 'n verandering wat die Kerk beswaarlik sal kan ignoreer.

Easum (2007: 214) se vooruitskouing van hoe die Kerk in die 21ste eeu daar gaan uitsien, wentel om 'n uiters teer punt, naamlik demokrasie in die Kerk. Hy is van mening dat indien die Kerk meer geloofwaardig en doeltreffend wil wees, daar ál meer van die demokratiese proses wegbeweeg sal moet word. Ter stawing van hierdie radikale standpunt wys hy daarop dat dié sogenaamde "reg" om oor 'n saak te stem, asook die demokratiese proses, nie in die Bybel voorgeskryf word nie. Sy wekroep tot ekstrinsieke verandering spreek dus tot byna alles wat die moderne Kerk ten grondslag lê.

Ingevolge hierdie nuwe siening kan selfs daardie gemeentes en kerke wat reeds ver op die pad na verandering gevorder het, moontlik vind dat hul bestaande strukture en bestuurstelsels nie noodwendig Bybel-begrond is nie, met die gevolg dat hulle 'n noukeurige bestekopname van al hierdie stelsels en prosesse sal moet onderneem. Easum kom tot hierdie skokkende gevolgtrekking rondom die demokratiese proses in kerke op grond van sy studie van Amerika se geloofwaardigste en doeltreffendste leraars (2007: 213): leraars wat, volgens hom, eerder na God en Sy Woord luister as na leiers wat ingevolge demokratiese prosesse verkies is. Sou 'n kerk hom dus voorneem om slegs Bybel-verantwoorde ekstrinsieke veranderinge teweeg te bring, sou dit beteken dat só 'n kerk ook bereid moet wees om selfs iets wat as 'n "heilige koei" beskou word, opnuut aan die Bybel te gaan toets.

Dit is duidelik dat hierdie geweldige belangrikheid tot ekstrinsieke verandering wat die ganse moderne samelewing en lewe kenmerk, ook die Kerk van die Here regstreeks raak. Die Kerk het dus 'n fidusiêre plig om self vas te stel waar ekstrinsieke verandering nodig is en hoe dit tot eer van God en tot uitbreiding van Sy koninkryk op aarde teweeggebring kan word. Elke ekstrinsieke verandering moet daarom meewerk dat die Kerk sy Godgegewe rol doeltreffend in die wêreld kan bly speel – 'n ideaal wat slegs verwesenlik kan word indien elke ekstrinsieke verandering teen die Bybel se Lig opgehou word.

Die noodsaak tot ekstrinsieke verandering sou nie afgesluit kon word as daar nie na die tegnologiese ontploffing verwys word nie. Hier kan die belangrike werke van Castells (1996, 2004 en 2010) asook Friedman (2007) nie gering geskat word nie. Enkele verwysings vanuit die besondere werke word hier weergegee. Dit net om uit te wys waarom daar wel in die Kerk en gemeentes op wyer vlak as wat soms gedink word, noodsaaklike ekstrinsieke veranderinge behoort plaas te vind.

Friedman (2007: 8) wys op die impak wat, positief sowel as ongelukkig negatief, deur die rekenaarontploffing veroorsaak is. Skielik is die speelveld gelyk en almal het magte wat wyd strek. Die Kerk moet dit in ag neem en durf die impak wat dit op sy lidmate het, nie onderskat nie. Die Kerk behoort in al die ekstrinsieke veranderinge wat hulle aanbring, die waarde van tegnologie nie onderskat nie. Die tegnologie moet deur die Kerk en gemeentes ingebring word en dit tot uitbreiding van die koninkryk en eer van die Here aanwend.

Verandering waarop Castells (2010: xxx) fokus, vat hy saam deur daarop te wys dat die kern van elektroniese kommunikasie alles omvat wat ons doen sowel as waar en wanneer ons dit doen. Hy wys op die rol wat selfone as kommunikasiemiddel vervul deurdat hy uitwys dat meerderheid sms'e en oproepe van die werk, skool en huis gedoen word. Dit word 'n sterk inligtingsmedium waaroor die Kerk en gemeentes nuut behoort te dink en reg te gebruik.

Verder wys Castells (2010: xxvi) daarop dat die koms van die Web mense grootliks verander het. Tieners kyk op hulle rekenaar Televisie en jongmense onder dertig lees aanlyn die koerant en nie meer in sy gedrukte vorm nie. Daarby het sosialisering op die Web volgens hom sterk na vore gekom in die vorm van Facebook en MySpace wat weer 'n aanlyn gemeenskap geskep het (2010: xxix). Dit moet op 'n manier 'n inpak hê op gemeentes en hoe lidmate gemeenskap met mekaar beleef en gemeentes en Kerke behoort dit in die veranderingsproses te verdiskonteer. Dit het inderdaad onder andere impak op mense (lidmate van gemeentes – PF) se tyd en tydsbesteding (2010: xxxi).

## 4.4 Bestaande programme vir die proses van verandering op Kerklike terrein

Die studieveld van die Mensbestuur bied ryke stof wat programme ter fasilitering van die veranderingsproses betref. Ten spyte van die groot verskeidenheid programme wat alhier gegenereer is, word daar nogtans keer op keer gemaan dat geen enkele program vir alle instellings of organisasies veralgemeen of verabsoluteer kan word

nie; 'n waarskuwing wat ook ten opsigte van ekstrinsieke verandering in die Kerklike of gemeentelike bestel ter harte geneem moet word.

Voor daar by bestaande programme uitgekom word, is dit goed om sake wat Roxburgh en Romanak (2006: 4) oor die daarstel van programme uitwys. Dit het hulle gedoen na aanleiding daarvan dat leiers van gemeentes by seminare gewoonlik vra na werkbare programme vir ekstrinsieke verandering. Dan wys hulle daarop dat daar nie noodwendig klinkklare antwoorde vir die daarstel van modelle vir verandering bestaan nie.

Daarby waarsku hulle dat in die daarstel van nuwe modelle, daar eintlik vasgeval word in wat reeds was. Daar word op die wyse net nuwe idees gegee wat dieselfde aksie of plan net meer effektief te maak. Dit kom ook voor wanneer daar na veld soos die psigologie, besigheidswêreld, mediese veld en onderwys gevlug word in die hoop dat daar maklik 'n nuwe model gevind kan word. Dit blyk dan duidelik nie die geval te wees nie en die gewenste uitwerking in veranderingsprosesse word nie bereik nie.

By implementering van só 'n program moet daar ook rekening gehou word met die lidmate se reaksie ten opsigte van die voorgestelde ekstrinsieke veranderinge (Kruger, 2006: ?), wat rofweg in dié vier fases uiteenval:

- Ontkenning of aggressie.
- Onsekerheid of 'n gevoel van magteloosheid.
- Bereidwilligheid om ondersoekende vrae te vra.
- Voorwaardelike instemming.

Voormelde vier fases kulmineer uiteindelik in 'n nuwe visie omtrent en in 'n gevoel van afwagting oor die voorgenome ekstrinsieke verandering.

Volgens Kruger beleef elkeen wat ingrypende ekstrinsieke verandering in die gesig staar, dié fases in 'n mindere of meerdere mate, hoewel daar tóg individuele verskille in reaksie op elke fase te bespeur is. Dit sal egter goed wees om vas te stel of daar op Kerklike terrein, waar ekstrinsieke verandering goed bestuur is,

bepaalde programme gebruik is en voorgehou word. Só 'n ondersoek sou kon bydra daartoe om 'n antwoord te vind op die vraag of gemeentebou as instrument ingespan sou kon word om lidmate op tye van ekstrinsieke verandering voor te berei.

Nel (1995: 120) rangskik op sy beurt ook die veranderingsproses se fases in verskillende groeperinge. Hy kom egter tot die gevolgtrekking dat hoewel daar verskillende groeperinge van fases te onderskei is, dié fases in die breë tóg maar daarop neerkom dat die veranderingsproses uit 'n *begin*, 'n *voortgang* en 'n *einde* bestaan.

Nel (1995: 121) verwys in sy studie na verskillende groeperinge van die fases in die veranderingsproses, soos deur verskeie ander outeurs onderskei. Die eerste groepering waarna hy verwys, word deur verskeie kenners aangedui, naamlik:

- Ontvriesing.
- Skep van "veranderingshouding".
- Werklike verandering, met as subfases die volgende:
  Diagnose van fase.
  Doelwitbepaling en strategiebeplanning.
  Bereiking van doelwitte.
- Stabilisering.
- Vestiging van 'n eindrelasie.

Die tweede groepering waarna Nel (1995: 121) verwys, is dié van Ten Have, wat vyf fases vir die proses van verandering onderskei, te wete:

- Doelwitbepaling.
- Diagnose van die beginsituasie.
- Keuse van werkwyse.
- Die veranderingsproses self.
- Evaluering van die resultaat.

'n Derde indeling van die fases in die veranderingsproses waarna Nel (1995: 121) verwys, is dié van Lissenburg, wat ses fases onderskei:

- Inisiasiefase.
- Diagnoseringsfase.
- Motiveringsfase.
- Beplanningsfase.
- Aksiefase.
- Evalueringsfase.

Nel (1995: 121-122) verwys ook na die fasegroepering in die veranderingsproses soos deur Hendriks voorgehou, welke groepering in vier kernfases oopval en ingevolge waarvan elkeen van dié fases nóg verder in drie subfases verfyn kan word. Nel (1995: 123) beklemtoon in sy studie die noodsaaklikheid van die motiveringsfase wanneer dit op die bestuur van die veranderingsproses binne 'n gemeente aankom. Daar moet, volgens hom, altyd in gedagte gehou word dat ekstrinsieke verandering die hele gemeente raak en dat die gemeente daarom in geheel betrek en gemotiveer moet word om aan die veranderingsproses deel te hê.

Nel (1995: 123) reduseer egter voormelde fases tot 'n vyfkantige proses, waaroor hy verder in sy boek oor die onderwerp uitwei:

- Motivering, ontvriesing en missieformulering.
- Gemeente-analise.
- Strategiebeplanning.
- Implementering van strategiese plan en bereiking van doelwitte.
- Evaluering, stabilisering en herhaling van proses.

Elkeen van die voormelde vyf fases word in deel 2, hoofstuk 2 tot 4, van Nel se boek getiteld *Gemeentebou* (1995) verduidelik, gemotiveer en uiteengesit. Interessant genoeg is daar duidelike ooreenkomste te trek tussen die veranderingsproses waarna Nel hier verwys en dít wat in die Menslikehulpbronne-studieveld vir dieselfde proses te onderskei is. Hoewel dit uiters belangrik is om in gedagte te hou dat hierdie spesifieke proses nooit met ewe veel gemak deur elke gemeente van enige kerk van stapel gestuur sal kan word nie, dien dit tóg as gepaste riglyn wat met groot vrug vir die Kerklike veranderingsproses aangegee kan word.

Te Velde (1992a: 70-78) borduur op sy beurt voort op die verskillende "*factoren en fasen*" waaraan hy meen 'n gemeente moet voldoen en wat deurloop moet word wanneer beleidsvorming (ook dié ten opsigte van ekstrinsieke verandering – PF) ter sprake kom. Dié faktore en fases sien soos volg daar uit (soos uit Nederlands in Afrikaans vertaal – PF):

- Motivering.
- Samewerking (kerkraad en gemeente behoort betrokke te wees).
- Formulering van 'n visie.
- Doen ontleding.
- Stel beleid vas.
- Lys prioriteite.
- Beraam planne en stel hulle in werking.
- Evaluering.

Dit is opmerklik dat ontleding in elkeen van bogemelde fasegroeperings van die veranderingsproses die gemene deler is. 'n Mens kan dus met sekerheid sê dat die ontledings- of analisefase hoog aangeslaan word.

Dit wil egter uit die geraadpleegde werke voorkom asof vorms en/of strukture aan die hand waarvan veranderingsprosesse bestuur kan word, nóg in die Kerklike samelewing nóg in teologiese werke groot aftrek kry. Een moontlike verklaring vir dié verskynsel kan wees dat daar hiervoor te swaar op byvoorbeeld die Mensbestuur-studieveld gesteun word. Dit wil daarom voorkom asof die program vir die bestuur van die Kerklike veranderingsproses wat met die onderhawige studie beoog word, nie alleen van pas gaan wees nie, maar ook noodsaaklik.

## 4.5 Weerstand teen verandering

Rao (2001) het 'n interessante studie oor Kerklidmate se weerstand teen ekstrinsieke verandering onderneem, en oor hoe kerkleiers dié proses beter kan bestuur. Hierdie diepte-studie identifiseer die verskillende aspekte waarop kerkleiers behoort te fokus en wat hulle moet doen om lidmate deur die weerstandsfase te begelei. Hiermee

saam word moontlike redes vir dié weerstand uitgelig, wat kerkleiers se onbeholpe bestuur van die veranderingsproses insluit. Vanweë die beperkings van die onderhawige studie kan daar egter nie in meer besonderhede op Rao se navorsing ingegaan word nie.

Dat weerstand teen ekstrinsieke verandering, selfs by 'n hele gemeente kan leef, word deur Roxburgh en Romanuk (2006: 5) uitgewys. Hulle verwys na iemand wat as agent in 'n gemeente opgetree het in die tyd toe die gemeente 'n nuwe pastor moes beroep. Die gemeente het toe die agent daarop gewys dat daar nie gesoek moet word na 'n pastor wat wil verander nie, want hulle stel nie belang in verandering nie. Weerstand kan daarom nie net geïgnoreer word nie.

Vervolgens word daar wél by enkele moontlike redes vir die weerstand teen Kerklike ekstrinsiek veranderinge stilgestaan. Smit (2003a: 37) identifiseer in dié verband enkele aspekte wat sou kon meehelp om lidmate by te staan wat weerstand teen sodanige ekstrinsieke veranderinge ervaar. Smit rig egter 'n waarskuwingswoord tot kerkleiers wanneer hy daarop wys dat hulle immer in gedagte moet hou dat Kerklike ekstrinsieke veranderinge nie net lidmate se gemaksones konfronteer nie, maar ook hul magsbasisse bedreig. Verder word lidmate deur Kerklike ekstrinsieke veranderinge gedwing om dít wat hulle lank reeds as waardes beskou, te herevalueer en seker te maak dat dit steeds in en van pas is. Sulke ekstrinsieke veranderinge noodsaak gewoonlik boonop dat die Kerk se geld anders bestee en lidmate se spiritualiteit nuut ontgin word. Kortom, Kerklike ekstrinsieke veranderinge is só gewigtig dat enige weerstand daarteen of blote versigtigheid daarvoor nouliks as blote moedswil afgemaak kan word.

Kerklike ekstrinsieke veranderinge moet hierbenewens altyd aangepak word teen die agtergrond van die reuse-veranderinge waaraan die mensdom, en daarmee saam elke Christen, in die moderne samelewing blootgestel is (Smit, 2003b: 16). Smit verwys byvoorbeeld in sy betoog na die een of ander kenner op die gebied

van verandering wat teen die einde van die jare negentig dié stelling gemaak het dat die wêreld wat óns vandag ken, 'n skrale tien jaar oud is! Hierdie stelling sê in 'n neutedop watter geweldige en alomvattende ekstrinsieke veranderinge die Kerk en die mensdom die afgelope paar jaar moes trotseer. Mense hunker egter in hul diepste wese na standvastigheid – 'n hunkering wat net ál groter raak hoe meer wisselvallig die lewe word. Tot Christene se groot geluk en genade kan hulle hul egter altyd tot die Kerk wend as die één plek waar hulle rus en vrede kan ervaar en waar hulle skuiling kan vind by 'n God wat nooit verander nie (Stefan, 2009: 3). Ironies genoeg is dit egter juis hierdie éinste verwagting wat by Christene die meeste weerstand teen Kerklike ekstrinsieke verandering veroorsaak.

Soos Slabber (2008: 1) tereg opmerk, sal daar weerstand teen Kerklike ekstrinsieke verandering wees ongeag van wátter verandering beoog word. Kerkleiers moet dus altyd hierop bedag wees, en moet as't ware 'n weerstandsreaksie te wagte wees. Volgens Slabber het die ervaring geleer dat lidmate altyd sal terughunker na die "goeie ou dae", moontlik ook omdat hulle hul kerk of gemeente se geskiedenis ken en nostalgies terugkyk op hoe dit was toe die kerk of gemeente pas gestig en almal vol geesdrif was. Slabber bepleit daarom groot omsigtigheid tydens die veranderingsproses en baie geduld met lidmate, sodat kerkleiers en gemeentes sáám die aanvanklike tydperk van onstabiliteit kan deurwerk.

Verder is dit so dat beweegruimte ten opsigte van ekstrinsieke verandering van een gemeente tot die volgende verskil, en dít ondanks die besef dat voortdurende transformasie noodsaaklik is (Potgieter, 2003: 1). Party lidmate se weerstand teen ekstrinsieke verandering, so redeneer Potgieter verder, veroorsaak weer frustrasie by die res, omdat hulle die pas van die veranderingsproses vertraag. Op dié manier bevind kerkleiers hulself baiemaal in 'n onhoudbare posisie tussen twee groepe vasgevang.

Wanneer dit op die hantering van weerstand teen ekstrinsieke verandering aankom, sal dit kerkleiers gerade wees om nooit uit die oog te verloor nie dat hulle allereers in God se diens staan (Oswald, soos aangehaal deur Potgieter, 2003: 4). Kerkleiers moet ook daarteen waak dat bestaande strukture nie in tye van ekstrinsieke verandering juis die struikelblokke in die pad van beplande veranderinge word nie (Mead, soos aangehaal deur Potgieter, 2003: 4). Mead wys verder in dié verband daarop dat kerkleiers hier moet onderskei tussen Kerkstrukture wat reeds soos "*institutions*" ingeburger is, tussen dié wat mense in bepaalde rolle indwing en tussen ander wat "*mind-sets*" word of bloot die verkeerde verwagting by lidmate skep. Verder maan hy dat strukture wat aanvanklik lyk of hulle 'n skans teen onsekerheid bied, later soms juis groot hindernisse kan word. In sulke gevalle moet só 'n struktuur meedoënloos en in weerwil van enige teëstand omgestoot word.

Marais (2008: 1) deel op sy beurt 'n interessante perspektief op lidmate én kerkleiers se weerstand teen ekstrinsieke verandering: volgens hom lê die knoop baiemaal nie by Kerkmense se vrees vir die onbekende nie, maar juis by die vals belofte en verleiding van die onbekende. Die verleiding lê dan volgens hom dáárin dat gemeentes soms mislei word om te glo dat daar kitsoplossings vir hul probleme bestaan, selfs al tel reuse-kopsere soos swak erediensbywoning, krimpende finansies en onwilligheid om in die ampte te dien onder hul probleme. Kerkleiers en lidmate word dan baiemaal oorgehaal om hier en daar 'n kortkursus by te woon of die een of ander program te implementeer in die hoop dat hul probleme oorkom sal word. 'n Nóg erger verleiding kom in die vorm van die klakkelose "afkyk" by ander gemeentes, wanneer die valse hoop geskep word dat dieselfde oplossings vir hulle ook antwoorde en uitkoms sal bied.

Ondanks weerstand van watter aard ook al mag die Kerk egter nooit sy roeping en taak versaak om voortdurend ekstrinsiek te verander en só "sout vir die aarde" en "lig vir die wêreld" (Matteus 5:13-16) te

bly nie. Die Kerk mag nooit sy lig onder 'n maatemmer wegsteek nie (Matteus 5:15), en geen weerstand, hoe bitter ook al, mag ooit die Kerk daarvan weerhou om voortdurend en in volle verantwoording aan Gods Woord ekstrinsiek te verander nie. In dié proses van verandering moet die Kerk steeds waarde **vir** die wêreld toevoeg, maar mag die Kerk nooit sodanig ekstrinsiek verander dat dit "**van** die wêreld" word nie (Johannes 17:16).

## 4.6 Samevattende gevolgtrekkings

Ekstrinsieke verandering is 'n realiteit waaraan die wêreld én die Kerk van die Here vandag ál meer blootgestel is. Om dié rede is dit vir die Kerk ook nodig om voortdurend ekstrinsiek te verander, sodat dit altyd lig vir die wêreld en sout vir die aarde kan wees (Matteus 5:13-16). Dat die Kerk egter met omsigtigheid met prosesse van verandering moet omgaan, is duidelik uitgewys. Daarby mag die Kerk nie ekstrinsiek verander om bloot by die wêreld gewild te wees nie, maar moet elke ekstrinsieke verandering met die Bybel as enigste vertrekpunt en ondanks mense en hul beperkte insigte gedoen word. Die Kerk, en so ook elke gemeente, behoort aan God, en nie aan mense nie.

Wat die oproep tot omsigtigheid tydens die proses van ekstrinsieke verandering behels, het die volgende sake na vore gekom:

1. Verandering moet altyd Bybels begrond word.
2. Lidmate kan ongemaklik voel rondom verandering en dit mag nie buite rekening gelaat word nie, maar moet liefdevol en met deernis hanteer word.
3. Verandering mag nie bloot ter wille van verandering aangepak word nie, maar moet weldeurdag gedoen word.
4. Verandering moet meehelp dat die Kerk diensbaar kan bly in die wêreld, wat sélf voortdurend aan verandering blootgestel is.

Oor die aspek van die noodsaak tot ekstrinsieke verandering is ook breedvoerig berig, en die volgende sake is in dié verband blootgelê:

1. Die noodsaak tot verandering moet daarop gerig wees dat die Kerk steeds sinvol waarde tot die wêreld kan toevoeg.

2. In die noodsaak tot ekstrinsieke verandering moet die diversiteit van moontlike bedieningsmodelle wat die Bybel bied, nie misgekyk word nie.
3. Veranderinge op politieke en sosiale gebied bring gewoonlik die Kerk voor ander eise te staan, wat dit weer vir die Kerk noodsaaklik maak om te verander ten einde die samelewing beter te kan dien.
4. Die immerveranderende wêreld maak dat die Kerk voortdurend nuwe take en ander funksies moet vervul.
5. Vir die Kerk om groter trefkrag in die sekulariserende wêreld te kan hê, is voortdurende selfondersoek en verandering noodsaaklik.
6. Die nood van die tyd, soos pandemies, grootskaalse werkloosheid en armoede wat ál verder uitkring, noop die Kerk om altyddeur sy rol in die samelewing op te skerp en uit te brei.
7. Hoewel die Kerk se missionêre taak deur alle tye heen onveranderd bly, sal die wyse waarop dié taak aangepak word, van tyd tot tyd hersien moet word namate veranderende tegnologie nuwe kanale en weë skep waarlangs die evangelie uitgedra en versprei kan word.

Hiermee saam is uitgewys dat vele ander realiteite voortdurende aanpassings in die Kerk noodsaak. Een van hierdie realiteite is byvoorbeeld lidmate se veranderende siening van die Kerk in dié sin dat hulle nie meer emosioneel in bepaalde strukture vasgevang wil wees nie, en dat die klem weer ál meer op die plaaslike Kerk begin val. Nóg so 'n realiteit sou wees dat baie meer faktore as blote tradisie of naburigheid lidmate deesdae aan 'n kerk of 'n spesifieke kerk-genootskap bind, en dat lidmate bereid is om ver te ry en groot moeite aan te gaan om by 'n gemeente in te skakel waar hulle hulself tuis voel.

Demografiese en sosiale veranderinge is nóg realiteite wat kerke en gemeentes nouliks kan ignoreer. Trouens, dié veranderinge raak lidmate aan eie lyf, en hulle moet deur die Kerk toegerus word nie

alleen om al dié veranderinge te kan hanteer nie, maar ook om in 'n siedende wêreld "in liefde by die waarheid" (Efesiërs 4:15), aan Gods Woord getrou en aan Sy Wet gehoorsaam te bly.

Op sosiale vlak noodsaak ander tipes vraagstukke, soos hoë egskeidingsyfers en die gepaardgaande probleme rondom enkelouer-huisgesinne, die HIV/Vigs-pandemie en 'n ander werkskultuur in die tydvak waarin ons tans leef, die Kerk om nuut en innoverend te dink; alles sake waarin en waartoe lidmate toegerus moet word ten einde dit Bybelsgetrou en tot Gods eer te kan hanteer.

Voorgaande realiteite onderstreep net weer eens sommige teoloë se dringende oproep dat die kerke in Suid-Afrika juis nóú ernstig oor hul taak in die nuwe Suid-Afrika sal besin. Ironies genoeg het ervaring geleer dat dit juis in tye van groot drukte en selfs verdrukking is dat die beste geleenthede hulle voordoen om oor die Kerk se identiteit en taak te besin, aangesien hierdie einste proses in tye van voorspoed maklik by beuselagtighede en in besonderhede vassteek. Die analogie wat mens hier sou kon gebruik, is dié van die "gelukkige" en die "ongelukkige" huwelik, waar die paartjie in die "slegte" huwelik byna nooit oor kleinighede vassit nie, omdat hulle hul oor groter kwessies bekommer, terwyl die "gelukkig getroude" paartjie letterlik die hele tyd oor die klein jakkalsies in die wingerd kibbel. Dit sal die kerke van Gereformeerde tradisie ook gerade wees om opnuut te kyk na hoe elke moderne "verleentheid" in die spreekwoordelike "geleentheid" omskep kan word of, anders gestel, hoe elke probleemsituasie as 'n leermoment ("*teachable moment*" in Engels) geïnterpreteer kan word om lidmate só toe te rus dat hulle "in alle opsigte groei na Christus toe" (Efesiërs 4:15).

Verder moet gemeentes wat in die kragveld van die Gees leef, voortdurend besig wees om te vernuwe, aangesien dit 'n Bybelse opdrag is. Tydens dié Reformasieproses moet die Kerk deurentyd bly vra of hy is wat hy Bybels veronderstel is om te wees. In dié verband kan verwys word na die deurlopende transformering van gemeentes waarvan daar gelees word in die briewe wat in die Nuwe

Testament opgeneem en aan spesifieke gemeentes gerig is om hulle op te skerp en seker te maak hulle is wat hulle in Christus moes wees.

In dié wêreld, waarin ál meer regerings (soos ook in Suid-Afrika – PF) wetgewing deurvoer wat nie in lyn is met dít wat die Bybel leer nie, sal die Kerk ook anders moet dink oor hoe hy lidmate gaan toerus om hierdie vraagstukke in die lig van die Skrif te hanteer en te beskou. Daarmee saam sal die Kerk duidelik moet stel hoe hy hierdie wetgewing gaan benader en bestuur sodat die Kerk steeds Skrifgebonde aan sy roeping in die wêreld gehoorsaam kan bly.

Voorts is aangetoon dat verskillende prosesse reeds vir gemeentebou in die Kerk in plek gestel is – prosesse wat per definisie ook die aspek van Kerkverandering dek. Die blote feit dat verskillende prosesse gevolg kan word om dieselfde uitkoms (naamlik gemeentebou) te bereik, is egter reeds tekenend van die feit dat daar geen énkele proses is wat vir elke Kerk of gemeente en in elke omstandigheid voorgeskryf kan word nie. Wat wél kategories vir elkeen van hierdie prosesse geld, is die feit dat gemeentebou (of dan nou Kerkverandering) geen eenvoudige proses is nie, maar iets wat groot omsigtigheid en Job se geduld verg.

Selfs waar weerstand teen ekstrinsieke verandering en vernuwing ondervind word, mag daar nie vir die proses van verandering teruggedeins word nie. Raad oor hoe om hierdie weerstand te bestuur, kan ingewin word uit studies soos dié van Rao, waarna hierbo verwys is, asook uit dít wat in hoofstuk 6 van die onderhawige studie uit die Mensbestuur-vakgebied blootgelê is. Weerstand teen ekstrinsieke verandering moet daarom nie as 'n struikelblok nie, maar eerder as 'n uitdaging gesien en bestuur word. Die bestuur van sodanige weerstand moet egter wél aangepak word met groot geduld en deernisvolle liefde jeens daardie lidmate wat weerstand voel en ervaar. Aan die ander uiterste van die pendulum moet dié lidmate wat ekstrinsieke verandering vinnig verwerk en wat groter spoed

vereis as dit op vernuwing aankom, óók geakkommodeer en reg bestuur word.

In die volgende hoofstuk sal bepaalde grondbeginsels wat vanuit die basisteoretiese studie na vore gekom het, deurgegee word. Hierna sal daar, in hoofstuk 6, 'n studie van in hoofsaak ekstrinsieke verandering vanuit die Mensbestuur-vakgebied onderneem word. Laasgenoemde sal dan, vir die doeleindes van die onderhawige studie, as die Metateoretiese studie geld. In dié studie sal antwoorde gesoek word op vraagstukke wat in die kader van die Mensbestuur blootgelê is wat verskillende veranderingsprosesse, die noodsaak tot ekstrinsieke verandering, die realiteit rondom ekstrinsieke verandering, die weerstand teen ekstrinsieke verandering, die bestuur van ekstrinsieke verandering en die voorbereiding op ekstrinsieke verandering betref. Hierdie studie sal kulmineer in 'n ondersoek na moontlike redes waarom ekstrinsieke verandering geag word gekompliseerd te wees.